
# HOOFSTUK 4



*Ontwikkeling op onderriggebied*

*Pieter de Klerk en Kobus du Pisani*

Onderrig is die oordrag van bestaande kennis en een van die primêre take van 'n universiteit as sentrum van geleerdheid. Deur onderrig word die nodige vaardighede verwerf om 'n wetenskap te beoefen, intellektuele vermoëns te verfyn, nuwe begrip te verwerf, onafhanklike en kritiese denke te bevorder en die toerusting vir lewenslange selfstudie by studente te kweek.[1] Een van die belangrikste maatstawwe vir die status van 'n universiteit is die gehalte van die onderrig en die breër opvoedingsproses wat studente deurloop. Daarom het die PUK as tersiêre instansie reeds sedert onafhanklikwording 'n verbintenis tot gehalte gemaak waarin die handhawing en verbetering van onderrigstandaarde prominent was.[2]


## 4.1 Onderrig aan studente – tendense


Die kwantitatiewe groei in die Potchefstroomse Universiteit se onderrigprogramme op voor- en nagraadse vlak tussen 1951 en 2003 blyk uit die aansienlike uitbreiding van die aantal kursusse en grade, maar veral ook uit die styging in studentegetalle (kyk Hoofstuk 7, Deel 1).


In werklikheid het die aantal kontakstudente op die PUK-kampus nie in die negentigerjare en daarna toegeneem nie en moet die groot styging in studentegetalle in daardie dekade uitsluitlik toegeskryf word aan die groot aantal studente wat vir nuwe afstandsonderrigprogramme geregistreer het – meer as 6 600 teen




*'n Paar van die baie onderrigsituasies op die PUK (Bron: A. van der Walt en Fotografiese Dienste)*






*Figuur 4.1 Studentegetalle per kampus, 2003*

2000. Die getal afstandsonderrigstudente het teen 2003 dramaties toegeneem tot 17 290 uit 'n groottotaal van 34 883 studente. Ander insiggewende aspekte wat uit die studentesamestelling blyk, is die groter wordende persentasie damestudente (61%) en swart studente (53%). Die samestelling van die studentekorps per kampus soos teen 2003 word in Figuur 4.1 aangedui:[3]




*Figuur 4.2 Verspreiding van voor- en nagraadse studente, 2003*






***Studente besig om te registreer - toeka en gedurende die negentigerjare (Bron: PUK-Argief en*** **Die Wapad*****, 25 Feb. 1972, p. 1)***

Dit is insiggewend dat die studentegetalle nie noodwendig in tye van ekonomiese resessie verminder het nie. Die komitee wat in 1985 oor die salarisposisie van akademiese personeel verslag gedoen het, het bevind dat studentegetalle gedurende die resessies van die middel van die sewentiger- en tagtigerjare gestyg het.[4] Hierdie groter studentegetalle kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat matrikulante en afgestudeerde studente wat nie kon werk kry nie, met hul studie voortgegaan het. Die aantal grade en diplomas wat toegeken is, het 'n soortgelyke styging as die studentegetalle getoon.[5] In byvoorbeeld 1999 is 13 keer meer grade en diplomas toegeken as in 1951. Die verspreiding van studente tussen voor- en nagraadse studie het sedert 1951 naastenby dieselfde gebly. Weens die groot toevloei van voorgraadse afstandsonderrigstudente ná 1998 het die persentasie nagraadse studente, dit is meesters- en doktors-

graadstudente, afgeneem van meer as 10% tot ongeveer 7% in 2003. Dit word aangedui in Figuur 4.2:[6]

'n Bestendige groei in studentegetalle is aangeteken en dit kan daaraan toegeskryf word dat die PUK in al die jare van sy bestaan nie net studente uit die onmiddellike omgewing getrek het nie, maar altyd van 'n redelike persentasie uit ander provinsies verseker was (kyk Figuur 4.3):[7]




*Figuur 4.3 Die Herkoms van studente soos teen 2000*

Die grafiese voorstelling dui aan dat ongeveer 'n kwart van die studente uit die Noordwesprovinsie kom, nog 'n kwart uit Gauteng en die res uit die ander sewe provinsies. Studente vanuit Namibië en ander lande word ook getrek.

Hoe die PUK-onderrigtaak ten opsigte van die studente benader en uitgevoer is en tot welke mate benaderings en onderrigstrategieë sedert 1951 verander het, word in die volgende subtemas van hierdie hoofstuk bespreek.

## 4.2 'n Akademiese struktuur vir die onderrigproses sedert 1951

### 4.2.1 Senaat [8]

Reeds voor selfstandigwording was die Senaat die hoogste akademiese gesagsliggaam van die Potchefstroomse Universiteitskollege en is die vernaamste besluite oor onderrigsake deur die Senaat geneem.[9] Sedert 1951 het die Senaat se hooffunksie in wese dieselfde gebly, naamlik om toesig te hou oor en reëlings te tref vir die onderrig in die onderskeie fakulteite en departemente.

Op 17 Maart 1951 is die eerste Senaatsvergadering van die PUK as selfstandige universiteit gehou. Toe het die Senaat bestaan uit die rektor, twee lede van die Universiteitsraad, die bibliotekaris, die rektor van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerk, die rektor van die Potchefstroomse Onderwyskollege, die hoof van die PUK-musiekkonservatorium, die hoofde van die 33 akademiese departemente en die registrateur as sekretaris.[10] Die samestelling van die Senaat het tot in die negentigerjare nog wesenlik dieselfde gebly. Uit eie geledere is 'n ondervoorsitter aangewys wat, indien nodig, ook as waarnemende rektor opgetree het.[11] Hierdie pos het in 1978 verval toe 'n voltydse viserektor vir die eerste keer benoem is.[12] In die Private Wet van die PU vir CHO van 1993 is bepaal dat die Senaat bestaan uit die rektor as voorsitter, viserektore, die voorsitter van die Raad en een verkose lid van die Raad, departementshoofde, direkteure en hoofde van navorsings- en ander inrigtings by die Universiteit, die hoof van die Universiteitsbiblioteek, ander personeel soos bepaal deur die Wet op Universiteite (Wet no. 61 van 1955 soos gewysig) en hoogstens drie geregistreerde studente.[13]

Dalk die mees ooglopende verskil tussen die samestelling van die Senaat in 1951 en die Senaat soos teen 2003 was dat laasgenoemde 'n meer gedemokratiseerde vorm aangeneem het deurdat studente daarop sitting verkry het. Hierdie deelnemende benadering was na aanleiding van 'n omvattende ondersoek in 1992 na die plek en rol van die student aan die Universiteit.[14] Met verloop van jare is die ledetal van die Senaat aansienlik uitgebrei. Meer departementshoofde het sitting gehad, terwyl vol professore wat nie hoofde van departemente of institute was nie, ook lede van die Senaat geword het. Kort na die demokratiese 1994-verkiesing was die ledetal van die Senaat al 153.[15] Tydens die oorgangstydperk in 2003 is die Senaat in terme van die Standaard Institusionele Statuut saamgestel, wat onder meer beteken het dat alle professore sitting op die die Senaat van 237 lede gehad het.[16]

In die dekade van die vyftiger- tot die sestigerjare het die Senaat byna maandeliks byeengekom.[17] Vanaf 1955 is vier vergaderings per jaar gehou, terwyl spesiale vergaderings soms plaasgevind het. In 1988 is besluit dat daar net een reeks vergaderings per semester geskeduleer word vir fakulteitsrade (Februarie en September), die Uitvoerende Komitee van die Senaat (Maart en Oktober) en die Senaat (April en September), met buitengewone Senaatsvergaderings in Maart en Augustus, waarop slegs doktorsgraadeksamenuitslae behandel word. In die jare waarin regulasies vir die Jaarboek hersien moes word, is 'n ekstra vergadering vir fakulteitsrade, die Uitvoerende Komitee en die Senaat geskeduleer.[18]


Tot in 1970 is 'n buitengewone vergadering waartydens die eksamenuitslae behandel is, vroeg in Desember gehou.[19] Weens die toename in studentegetalle en in die omvang van eksamens was dit later nie meer moontlik nie. Slegs doktorale eksamenuitslae het volledig by die Senaat gedien. Van meestersgraaduitslae is deur middel van die fakulteitsraadsnotules kennis geneem. Voorgraadse uitslae is per fakulteit met behulp van eksamenkomitees hanteer. 'n Samevattende verslag oor voorgraadse eksamens het by die Senaat gedien.[20] Notules van senaatsvergaderings uit die vroeë vyftigerjare

dui daarop dat 'n groot verskeidenheid sake in verband met die Universiteit daar behandel is en nie slegs suiwer akademiese sake nie. Mettertyd, veral vanaf die sestigerjare, het die Senaat hom slegs met akademiese sake besig gehou. Namate die Universiteit gegroei het, het die agendas van senaatsvergaderings langer geword. Soos blyk uit 'n memorandum van 1966, opgestel deur die destydse rektor, prof. H.J.J. Bingle, het uitvoerige besprekings dikwels plaasgevind en het vergaderings soms baie lank geduur.[21]

Om hierdie probleem te oorkom, is meer van senaatskomitees gebruik gemaak om sake deur te trap, voordat dit vir goedkeuring aan die Senaat voorgelê is. Kragtens wetgewing kon die Raad regulasies maak oor vaste komitees van die Senaat en kon die Senaat ook ad hockomitees aanwys om hom in die uitvoering van sy pligte te help.[22] Die Senaat het in 1966, in opvolging van 'n memorandum deur prof. Bingle, besluit om meer sake aan die Uitvoerende Komitee en ander komitees oor te laat en om regulasiewysigings net een maal per jaar ter tafel te neem.[23] In die tagtigerjare en daarna het 'n groot deel van die sakelyste van gewone Senaatsvergaderings bestaan uit sake wat uit die vergaderings van fakulteitsrade en die Uitvoerende Komitee voortgespruit het of die hantering van verslae deur ander komitees of buro's.[24]

### 4.2.2 Die Uitvoerende Komitee (UK) van die Senaat

Die UK kan as die belangrikste van al die Senaatskomitees beskou word. Volgens Senaatsbesluite van Mei 1951 was dit veral die taak van die UK om bevorderings en nuwe aanstellings te oorweeg, die instelling van nuwe poste en nuwe departemente aanhangig te maak en 'n toekomsbeleid te bepaal.[25] Die UK het aanvanklik bestaan uit die rektor, die ondervoorsitter van die Senaat, die dekane van die verskillende fakulteite, 'n lid van die Universiteitsraad en 'n verteenwoordiger van die Senaat.[26] Teen die negentigerjare het die UK bestaan uit die rektor, die viserektore, benoemde lede van die Bestuurskomitee, die dekane, die voorsitter of 'n ander lid van die Raad en twee verkose lede van die Senaat.[27]



***Die eerste senaatsvergadering in die nuwe Senaatsaal van die Administrasiegebou, 1981***
***(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})***



*Dekane in die Senaat en Uitvoerende Komitee, 1969: v.l.n.r. Proff. S.P. van der Walt (Teologie), H.C. Swanepoel (Regte), W.P. Robbertse (Natuurwetenskappe), B.C. Schutte (Opvoedkunde), H.C. van Rooy (Visevoorsitter: Senaat), H.J.J. Bingle (Rektor), W.N. Coetzee (Lettere en Wysbegeerte) (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

Met verloop van tyd het die funksies en werkswyse van die UK verander. So byvoorbeeld het die Senaat in 1966 besluit dat dié Komitee al die besluite van die fakulteitsrade eers sou nagaan voor dit aan die Senaat voorgelê word. Die UK sou ook aanbevelings oor fakulteitsraadbesluite aan die Senaat voorlê.[28] Vanaf die vroeë sewentigerjare het die UK (Personeel) afsonderlik begin vergader om oor poste, aanstellings en bevorderings te besluit.

### 4.2.3 Fakulteite en dekane

Ses fakulteite het reeds vanaf vroeg in die vyftigerjare gefunksioneer: Lettere en Wysbegeerte (gestig 1921), Natuurwetenskappe (1922), Teologie (1930), Opvoedkunde (1935), Ekonomiese Wetenskappe (1942) en Sosiale Wetenskappe (1947).

Aan die hoof van elke fakulteit was 'n dekaan, wat vir 'n tweejaartermyn verkies is en wat die dekaanskap bykomend tot sy gewone pligte as dosent en (gewoonlik ook) departementshoof uitgevoer het. Teen 1954 is besluit dat dekane vir termyne van drie jaar sou dien.[29] By sommige fakulteite, veral by Lettere en Wysbegeerte en Teologie, het die dekaanskap telkens gewissel, maar in ander fakulteite is dieselfde persoon dikwels vir opeenvolgende termyne na mekaar verkies.[30] Aan die begin van 1970 het die Raad besluit dat 'n dekaan net twee termyne na mekaar kon dien en dus na ses jaar moes uittree.[31] Reeds in die sestigerjare is besluit dat die doseerlas van 'n dekaan verlig moes word.[32] 'n Dekaanspos het tot in die tagtigerjare 'n deeltydse pos gebly.

'n Kommissie wat ondersoek ingestel het na die samestelling van die Senaat en fakulteitsrade het sekere aanbevelings oor dekaansposte gemaak wat in 1980 deur die Senaat aanvaar is. Hierdie aanbevelings was dat herbesin moes word oor die funksies van dekane. Onder meer is die volgende aanbeveel: dat sake wat departementshoofde en dosente self nie kon hanteer nie, na dekane verwys word, maar dat administratiewe beamptes alle administratiewe probleme van studente moes hanteer, behalwe waar 'n beslissing van die dekaan of fakulteitsraad vereis is. Ook is aanbeveel dat dekane se doseerlas verder verlig word; dat dekane moes oorweeg om hulle departementshoofskappe neer te lê en dat elke fakulteitsraad 'n adjunkdekaan kon aanwys. Elke fakulteit moes self bepaal hoe pligte tussen die dekaan en adjunkdekaan verdeel word. In die loop van 1980 is adjunkdekane vir die onderskeie fakulteite benoem.[33] Verdere wysigings het in 1983 gevolg toe die Senaat en Raad besluit het dat alle dekane, behalwe in die Fakulteite Teologie en Ingenieurswese, vanaf 1984 'n minimum van 80% van hulle tyd voltyds aan dekaanswerk moes spandeer. Hulle kon vir hoogstens 20% van hul tyd betrokke wees by navorsing of nagraadse studie sodat hulle in kontak

met hulle vakgebiede kon bly. Slegs in hoogs uitsonderlike gevalle kon 'n dekaan nog as departementshoof aanbly. Dekane sou voortaan, soos departementshoofde, vir 'n termyn van ses jaar verkies word en hulle was herkiesbaar vir verdere termyne van drie jaar. Die ampstermyn van 'n adjunkdekaan is op drie jaar vasgestel, terwyl hy/sy vir verdere termyne van drie jaar herkiesbaar was.[34] Teen 1991 is 'n eenvormige prosedure vir die verkiesing van dekane en adjunkdekane ingevoer, "om seker te maak dat die regte persone vir hierdie ampte aangestel word". Kandidate moes deur die Fakulteitsrade genomineer, deur die Senaat verkies en deur die Raad benoem word.[35] By selfstandigwording het die Senaat reeds 'n lys van magte en pligte vir dekane goedgekeur. Dit het onder meer bepaal dat dekane hoofde van hul fakulteite is en verantwoordelik is vir die koördinering en beheer van departemente in die fakulteit. Die dekane se pligte het in die vroeë jare ook behels dat die dekane studente moes help met vakkeuses en studente se inskrywingskaarte kontroleer.[36] Weens die groei in studentegetalle is administratiewe beamptes mettertyd aangestel om sekere administratiewe pligte van die fakulteite by die dekane oor te neem. Vanaf 1997 het alle fakulteite voltydse administratiewe bestuurders gekry.[37]

In opdrag van die Raad[38] is nuwe posbeskrywings vir alle bestuursposte in 1986 geformuleer. Hiervolgens was dit die taak van die dekaan om die akademiese bedrywighede binne die bepaalde fakulteit te bestuur. Kerntake van die dekaan het die volgende ingesluit: beplanning in medewerking met departementshoofde en direkteure, asook die voorsiening van inligting aan departementshoofde en direkteure; die opstel en verdeling van fakulteitsbegrotings; die koördinering en administrasie van fakulteitsbedrywighede; skakeling met die viserektor (Akademie en Studente); skakeling met ander lede van die Bestuurskomitee (BK) en hoofde van sentrale dienste; die hantering van studente-aangeleenthede; die ontwikkeling van menslike hulpbronne op fakulteitsvlak; die verkryging en benutting van eksterne hulpbronne en die uitbouing van die fakulteit oor die algemeen.[39] Dekane was die spil waarom die daaglikse bestuur van fakulteite gedraai het.

Die gebruik dat dosente wat aan 'n fakulteit verbonde is oor fakulteitsake vergader, het reeds voor selfstandigwording bestaan, maar in 1951 is 'n meer formele struktuur aan die fakulteitsrade as komitees van die Senaat gegee. Die fakulteitsrade het bestaan uit senaatslede in die fakulteit en ander personeellede in die fakulteit wat deur die Senaat op hierdie liggame benoem is.[40] Vanaf 1951 het die fakulteitsrade gereeld onder voorsitterskap van die dekane vergader (tot in die tagtigerjare ongeveer vyf maal per jaar) en besluite geneem oor sake soos eksamenuitslae, die benoeming van eksaminatore, die goedkeuring van titels van proefskrifte en verhandelings, die wysiging van sillabusse en die instelling van nuwe kursusse. Hierdie besluite is aan die Senaat vir goedkeuring voorgelê.




*Lede van die Fakulteit Sosiale Wetenskappe, 1951-1955:*
*a) D.C.S. du Preez*



*b) J.H. Coetzee (Bron: PUK-Argief)*

Hoewel die taak en bevoegdhede van fakulteitsrade wesenlik dieselfde gebly het, het dagbesture en fakulteitskomitees, veral onderrig- en navorsingskomitees, vanaf die tagtigerjare 'n belangriker rol in die funksionering van fakulteite gespeel en is die aantal fakulteitsraadsvergaderings verminder. Vanaf 1988, en veral in jare waarin regulasiewysigings gemaak moes word, was daar jaarliks twee tot drie gewone fakulteitsraadsvergaderings.[41]

Die aantal fakulteite sedert 1951 het gewissel. In byvoorbeeld die Fakulteit Sosiale Wetenskappe het die getal studente baie min gebly, waarna in 1955 besluit is om die Fakulteit Sosiale Wetenskappe te ontbind nadat die finalejaarstudente in Maatskaplike Werk hulle studie voltooi het. Die departemente en kursusse van dié Fakulteit is



*Die Departement Regte word die Fakulteit Regte, 1966. Voor: v.l.n.r. W.E. Scott, S. Postma, H.L. Swanepoel (Dekaan), F. van Zyl, J. van der Vyver, F. du Plessis Agter: Derdejaarstudente in B.A.-Regte en B.Com-Regte (met 'n latere dekaan, prof. Ig Vorster in die middelste ry) (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*



*Die eerste Fakulteitsraad van Farmasie, 1984. Voor: v.l.n.r. Mnr. M.F. Fouché, proff. A.C. Dreyer, J.S. du Plessis (Viserektor), A.P. Goossens (Dekaan), C.J. Reinecke (Dekaan: Fakulteit Natuurwetenskappe) Middel: Mnr. L.J. Mienie, prof. F.J. Martins, dr. L.M. Gerritsma, prof. J.M. van Rooyen, dr. C. Ackermann, dr. G. Oberholzer; mnr. J.J. Bergh, prof. B. Van Eeden Agter: Prof. H. Koeleman, dr. J.C. Breytenbach, proff. J.G. van der Walt, C.J. van Wyk, A.P. Lotter, J.C. Jansen van Ryssen Afwesig: proff. J. Offermeier, H.D. Brand (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

daarna by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ingeskakel.[42] Daarmee het die aantal fakulteite na vyf verminder. Elf jaar later, in 1966, het 'n sesde fakulteit bygekom toe die Departement Regte in 'n fakulteit omskep is.[43]

Vir die totstandkoming van 'n landboufakulteit was daar reeds geesdrif jare voor selfstandigwording,[44] maar dit was 'n droom wat nooit verwesenlik is nie. In 1957 is begin met die ondersoek na die daarstel van 'n ingenieursfakulteit,[45] 'n strewe wat uiteindelik in 1981 verwesenlik is.[46] 'n Ander ideaal weer was die pogings gedurende die sestigerjare om 'n mediese fakulteit tot stand te bring,[47] maar ook dit was tevergeefs. 'n Afsonderlike Fakulteit Farmasie het in 1983 tot stand gekom.[48] Saam met 'n aantal vakgroepe uit ander fakulteite is dié Fakulteit in 1998 met die akademiese herstrukturering omvorm tot die nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe.[49]

### 4.2.4 Akademiese departemente

In elke fakulteit was 'n aantal akademiese departemente, wat meestal bestaan het uit die personeellede wat 'n bepaalde vak gedoseer het. In enkele gevalle het meer as een vak onder een departement geval. Die vak Staatsleer het byvoorbeeld aanvanklik saam met Regte 'n departement gevorm.[50] In 1951 het die meeste departemente slegs een of twee permanente personeellede gehad en was daar net elf departemente wat drie of (in enkele gevalle) vier lede gehad het.[51] By die meeste departemente was daar egter geleidelike groei, terwyl 'n hele aantal nuwe departemente in die volgende dekades gestig is. Aan die begin van prof. Tjaart van der Walt se rektorstermyn in 1977 was daar 75 departemente, waarvan die meeste drie of meer personeellede gehad het. Daar was selfs enkele departemente (onder meer Musiek, Chemie en Fisika) met meer as vyftien voltydse personeellede.[52]

Tydens die rasionaliseringsproses van laat in die tagtigerjare en vroeg in die negentigerjare is 'n aantal departemente afgeskaf en sekere kursusse uitgefaseer.[53] Rasionalisering het meegebring dat die aantal akademiese departemente verminder het van 74 in 1987 tot 63 in 1992.[54] Die beperking van die akademiese aanbod aan die PUK op grond van finansiële oorwegings was deel van 'n groter rasionaliseringsproses in die Suid-Afrikaanse tersiêre onderwyssektor gedurende die negentigerjare.[55] Elke departement het tot in die negentigerjare 'n permanent benoemde hoof gehad, wat meestal die mees senior personeellid in 'n departement was. In 1955 het die Senaat 'n staat van die pligte en magte van departementshoofde opgestel. Die departementshoof was onder meer verantwoordelik vir die algemene organisasie van die onderrig en navorsing in die departement en die uitbouing en ontwikkeling van die betrokke vak.[56] In die diensregulasies, soos gewysig in 1968, is aangedui dat die departementshoof hierdie werksaamhede in oorleg met die ander personeellede in die departement moes verrig.[57] Volgens die posbeskrywing van 1986 was die departementshoof die akademiese leier in sy of haar departement wat onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens moes bestuur en bevorder aan die hand van planne vir die bereiking van departementele doelstellings.[58]


### 4.2.5 Studierigtings en vakke

Die groeipatroon van die PUK, waarna ook in Hoofstukke 6 en 7 verwys word, weerspieël 'n uitbreiding van die moontlike aanbod van studierigtings. Tendense in die arbeidsmark beïnvloed die vraag na tersiêre onderwys en die gewildheid van spesifieke studierigtings in bepaalde tydperke. Om hierdie rede het die verspreiding van studente oor die verskillende fakulteite en studierigtings heen gewissel. In die vyftiger- en sestigerjare is bestendige uitbreiding en in die sewentigerjare 'n vinnige uitbreiding van die hoeveelheid studierigtings waargeneem. Hierdie diversifisering van studiemoontlikhede het vanaf die tagtigerjare weens personeelrasionalisering meer beperk geraak. In die negentigerjare is onderrig in 'n aantal akademiese departemente getermineer, terwyl op herstrukturering gefokus is.[59]

Aan die einde van prof. Bingle se rektorskap was die stand van fakulteite in terme van die totale voor- en nagraadse studentegetalle op albei kampusse soos volg: Lettere en Wysbegeerte 2 391 (36,4%), Ekonomiese Wetenskappe 1 273 (19,4%), Natuurwetenskappe 1 263 (19,3%), Opvoedkunde 1 150 (17,5%), Regte 391 (6%) en Teologie 92 (1,4%). Op die Potchefstroomkampus het die Fakulteite Natuurwetenskappe en Opvoedkunde meer studente as die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe gehad.[60]

Figuur 4.4 dui aan hoe die relatiewe grootte van die onderskeie fakulteite gewissel het. Die grootte van elke fakulteit word uitgedruk in terme van die studentegetalle van die fakulteit as 'n persentasie van die totale getal studente. Statistiek van die jare 1954 (kort na die selfstandigwording van die PU vir CHO), 1990 (gedurende die rasionaliseringsproses) en 2000 (nadat herstrukturering afgehandel is) is gebruik.[61]

Uit die grafiese voorstelling in Figuur 4.4 kan afgelei word dat die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte in die negentigerjare sy posisie as die grootste fakulteit prysgegee het en dat Natuurwetenskappe ook gekrimp het in verhouding tot ander fakulteite. Daarteenoor het Ekonomiese en Bestuurswetenskappe bestendig gegroei en Gesondheidswetenskappe het baie groter geword na die toevoeging van Psigologie en Verpleegkunde tydens die herstrukturering.




*Figuur 4.4 Grootte van fakulteite volgens studentegetalle, 1954, 1990 en 2000*

## 4.3 Die ontwikkeling van fakulteite – 'n oorsig[62]

### 4.3.1 Fakulteite Lettere en Wysbegeerte en die Sosiale Wetenskappe

Met selfstandigwording was die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte die grootste van die fakulteite wat personeel sowel as studente betref. In daardie stadium was beroepskeuses beperk en veral blanke Afrikaanssprekendes het toe nog net begin om tot die sake- en nywerheidswêreld toe te tree. 'n B.A.-graad was 'n waardevolle kwalifikasie, veral vir studente wat 'n loopbaan in die onderwys of ander staatsdepartemente wou volg. By die gradeplegtigheid van 1951 is 76 B.A.-grade toegeken, wat ongeveer 53% verteenwoordig het van al die eerste grade wat by die geleentheid toegeken is.[63] Saam met die Universiteit het die Fakulteit Lettere gegroei. In 1977 is 370 B.A.-grade toegeken. Terselfdertyd is 112 beroepsgerigte eerste grade in die Fakulteit toegeken, sodat in totaal ongeveer 52% van al die eerste grade wat in 1977 aan die Universiteit verwerf is, steeds grade in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte was.[64]

In 1951 moes studente wat vir 'n B.A.-graad registreer, vyf vakke in die eerste studiejaar neem, waarvan twee as hoofvakke gegeld het en waarmee in die tweede en derde jaar voortgegaan is. Gedurende die tweede jaar moes 'n verdere twee kursusse geneem word wat nuwe vakke of twee van die vakke wat reeds in die eerste jaar geneem is, kon wees. Minstens twee taalkursusse moes gekies word.[65] Hierdie graadstruktuur het tot 1980 wesenlik dieselfde gebly.[66]

Soos vroeër gemeld is, het slegs enkele studente ingeskryf vir B.Soc.Sc., die graad wat onder die Fakulteit Sosiale Wetenskappe geressorteer het.[67] In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is opleiding vir B.A.- en B.Mus.-grade, asook die daaropvolgende grade aangebied.

Vanaf 1981, toe na die semesterstelsel oorgeskakel is, is die B.A.-graadstruktuur aangepas. Studente kon tussen 'n verskeidenheid hoof- en byvakke kies, waarvan die kredietwaarde gewissel het. Vir 'n B.A.-graad moes 'n student genoeg kursuseenhede slaag om minstens 300 kredietpunte te verwerf, waarvan nie meer as 120 in die eerste jaar, 140 in die tweede jaar en 148 in die derde jaar verwerf kon word nie. Die kursuseenhede wat studente kies, moes uit minstens vyf verskillende vakke kom, insluitende minstens een taalvak. Wetenskapsleer was verpligtend.[68] Vanaf 1989 is met die oog op die Suid-Afrikaanse Na-sekondêre Opvoeding (SANSO)-verslaggewing standaardkurrikula vir B.A.- en ander algemene grade soos B.Com. en B.Sc. ingestel. Vaste voorgeskrewe kurrikulums is vanaf 1990 in die plek van oop kurrikulums ingevoer – 'n verandering wat meegebring het dat studente nie langer hulle eie kurrikulums kon beplan nie, maar 'n keuse uit die beskikbare kurrikulums moes maak.[69]

Die vernaamste B.A.-vakke wat in 1951 as hoofvakke geneem kon word, was Aardrykskunde (sedert 1971 Geografie genoem), Afrikaans-Nederlands, Bybelstudie (vanaf 1964 Bybelkunde), Duits, Ekonomie, Engels, Geskiedenis, Grieks, Hebreeus, Latyn, Musiek, Noord-Sotho, Romeins-Hollandse Reg, Sielkunde (Psigologie vanaf 1971), Sosiologie, Staatsleer, Volkekunde, Wiskunde, Wysbegeerte (vanaf 1980 Filosofie) en Zoeloe.[70] Sommige van hierdie vakke het onder departemente in ander fakulteite geressorteer.


Gedurende die volgende paar jaar het Frans (1952), Kunsgeskiedenis- en -Waardering (1954) en Liggaamlike Opvoeding (1955) as hoofvakke bygekom.[71] Met verloop van tyd is verskeie nuwe vakke as hoofvakke of byvakke vir die B.A.-graad ingestel, onder meer Naturelle-administrasie (1967 – vanaf 1976 Ontwikkelingsadministrasie), Italiaans (1969), Etiek (1970), Logika (1970 – reeds afgeskaf in 1975), Kriminologie (1971), Portugees (1972), Algemene Taal- en Literatuurwetenskap (1973 – weer uitgefaseer in 1995), Internasionale Politiek (1974), Vertaalkunde (1994) en Antieke Kultuur (1995).[72] Rasionalisering en herstrukturering gedurende die tagtiger- en negentigerjare het daartoe gelei dat baie van hierdie vakke weer as selfstandige vakke verdwyn het. Vir studente wie se huistaal nie Afrikaans is nie, is in 1991 'n kursus in Kommunikasie-Afrikaans ingestel, en in 1996 'n kursus genaamd Inleidende Afrikaans om hul taalvermoë te verbeter.[73]

Met verloop van tyd is 'n hele reeks beroepsgerigte grade en diplomas ingestel om veral aan die veranderende ekonomiese eise van die spesifieke tyd te voldoen. As ontwikkelinge aan ander universiteite, in besonder die Universiteit van Pretoria, in oënskou geneem word, het die instelling van nuwe kursusse aan die PUK in baie opsigte parallel verloop met die uitbreiding van studierigtings aan ander residensiële universiteite.[74]


Hoewel die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte tot in die negentigerjare die grootste fakulteit gebly het, het die toenemende diversifikasie van beroepsgeleenthede in die arbeidsmark die instelling van gespesialiseerde rigtings en meer beroepsgerigte opleiding in verskeie fakulteite verhaas, sodat belangstelling in algemene B.A.-grade mettertyd afgeneem het. Beperkte studentegetalle in sommige departemente (soos dié wat hierna bespreek word), sowel as 'n algemene proses van rasionalisering en herstrukturering binne die Universiteitstruktuur het die bestaan van eens gewilde departemente in gevaar gestel. 'n Tanende belangstelling in B.A.-grade is onder meer waarneembaar op grond van die feit dat byvoorbeeld in 1998 minder grade as in 1977 in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte toegeken is, naamlik 357 B.A.-grade en 105 beroepsgerigte Baccalaureusgrade.[75]



*Prof. G. Dekker*



*Prof. H.G. Stoker*



*Prof. D.W. Krüger*




*Prof. F.J. Labuschagne*




*Prof. H.L. Swanepoel*



*Prof. J.H. Coetzee*



*Prof. W.N. Coetzee*



*Prof. J.S. du Plessis*



*Prof. E.J. Smit*



*Prof. A.J. Viljoen*



*Prof. L.A. Gouws*



*Prof. J. van der Elst*



*Prof. A.L. Combrink*

*Die dekane: Lettere & Wysbegeerte, 1951-2004*




*Voorbeelde van vakverenigingstydskrifte (Bron: PUK-Argief)*

Spesialiteits- en beroepsgerigte rigtings wat vanuit die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte bestuur is, is die volgende:

- **Maatskaplike Werk en Maatskaplike Sorg**

Die oudste van die beroepsgerigte B.A.-grade is die B.A. (Maatskaplike Werk)-graad wat die opvolger was van die graad B.A. (Sosiale Wetenskappe), later genoem B.Soc-Sc. Reeds in 1938 is begin met die opleiding van maatskaplike werkers onder leiding van prof. J.C. van Rooy, die eerste rektor van die Universiteit na selfstandigwording. Ontwikkeling het mettertyd gelei tot die totstandkoming van die Fakulteit Sosiale Wetenskappe in 1947.[76] Te min belangstelling het in 1955 gelei tot die besluit om opleiding vir die B.Soc.Sc.-graad te staak. Die Departement Maatskaplike Werk sou bly voortbestaan,[77] maar die naam daarvan het verander na Maatskaplike Sorg met C.N. Venter as die enigste voltydse dosent.[78]


*Prof. C.N. Venter, vroeër die enigste voltydse dosent in die Departement Maatskaplike Sorg, 1955*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

Op aanbeveling van die Senaat het die Raad in 1956 besluit dat die vak Maatskaplike Sorg voortaan nie meer praktiese werk sou inhou nie, maar eerder sou[79] "ingerig word om aan ons Universiteit 'n ander taak en roeping i.v.m. die vak daar te stel, nl. die opleiding van studente tot 'n grondige en prinsipiële en wetenskaplike begrip van die maatskaplike versorgingsbehoeftes en -beleid. Dit sal ons studente dan in staat stel om in breër lewenskringe as die professionele werk leiding te kan gee en te neem". As motivering vir hierdie besluit is genoem dat die aantal studente wat professionele opleiding in hierdie rigting wou hê, te min was om 'n voltydse dosent te benoem om die praktiese werk te behartig, maar ook dat onsekerheid bestaan het oor die bestaansreg van Maatskaplike Werk.[80]

Omstandighede vir Maatskaplike Werk het teen 1959 weer sodanig geswaai dat opnuut besin is oor die herinstelling van 'n diplomakursus in Maatskaplike Sorg. Prof. D.C.S. du Preez van die Departement Sosiologie en mnr. C.N. Venter van die Departement Maatskaplike Sorg het botsende standpunte ingeneem, in albei gevalle op grond van uitgebreide prinsipiële beredenering. Venter het aangevoer dat die herinstelling van die diploma daarop sou neerkom dat Maatskaplike Sorg as 'n professie beskou word. Volgens hom moes Maatskaplike Sorg deur die kerklike ampte en deur spesifieke organisasies op 'n vrywillige basis beoefen word. Du Preez, gesteun deur prof. J.M. Hattingh van die Departement Sielkunde, het egter gestel dat 'n dringende behoefte bestaan aan professionele maatskaplike werkers en dat Maatskaplike Werk as 'n beroep beoefen behoort te word.[81]

Oor die professionele status al dan nie van Maatskaplike Werk het heelwat meningsverskille bestaan.[82] In 1960 het die Senaat met meerderheid van stemme besluit om by die Raad aan te beveel dat die Universiteit, in ooreenstemming met die PUK-grondslag, "opleiding vir die professie van Maatskaplike Werk" behoort te verskaf.[83] In 1964 het die Fakulteitsraad aanbeveel dat professionele opleiding in Maatskaplike Werk binne die Departement Sosiologie ingestel moet word.[84]

Aanvanklik is na die voorgestelde nuwe kursus as Maatskaplike Werk of Toegepaste Sosiologie verwys.[85] In die 1966-Jaarboek is Maatskaplike Werk as hoofvak vir 'n B.A.-graad aangedui[86] en vanaf 1968 is 'n vierjarige graad B.A. (Maatskaplike Werk) aangebied.[87] Die eerste sewe studente het aan die einde van 1971 afgestudeer. 'n Geleidelike groei in studentegetalle is aangeteken sodat teen 1977 twintig eerste grade in hierdie studierigting toegeken is.[88] 'n Verdere styging in die tagtigerjare en vroeg in die negentigerjare is aangeteken, voordat die aantal studente wat Maatskaplike Werk as studierigting gekies het, soos die res van die studentegetalle in die Fakulteit Lettere laat gedurende die negentigerjare 'n daling getoon het. Met die instel van Fokusareas in 1998 is die Departement Maatskaplike Werk by die nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe ingeskakel. Bogenoemde veranderinge was aantoonbaar onderwyl die vak Maatskaplike Sorg vir 'n tyd lank bly voortbestaan het. In 1965 is die naam verander na Kultuur- en Versorgingswetenskap[89] en in 1966 na Kultuurkunde.[90] Kultuurkunde is as driejarige hoofvak aangebied totdat dit in die tagtigerjare afgeskaf is voordat 'n rasionaliseringsprogram gereed was.[91]



*Opleiding in Biblioteekkunde (UDB), 1956: agter v.l.n.r. M.F.B. Botha, A.J. Malan, H.C. Robbertse, M.H. van Rooy*
*Voor: C.J.H. Lessing, H.C. van Rooy, S.I. Malan (Bron: PUK-Argief)*

## • Biblioteekkunde[92]

In 1956 is begin met opleiding in Biblioteekkunde, aanvanklik net vir diplomadoeleindes[93] en vanaf 1961 is 'n B.A.(Bibl.)-graad ook aangebied. Dit het vier jaar voltydse studie behels waarin Biblioteekkunde as hoofvak saam met ander B.A.-vakke geneem is.[94] In 1974 is die naam van die graad verander na B.Bibl. en in 1977 is die vak Biblioteekkunde verdeel in Biblioteekkunde en Inligtingkunde, wat albei as hoofvakke vir B.Bibl. geneem moes word.[95] Sedert die eerste twee studente hul graad in hierdie rigting in 1965 behaal het, het dié graadkursus van krag tot krag gegaan.[96] Om behoorlik in te skakel by die eise van die tyd is die naam van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde in 1985 verander na die Departement Inligtingstudies. Daarmee het die vakbenaming Biblioteekkunde ook verval[97] en vanaf 1988 is die Laer Diploma in Biblioteekkunde (LDB) nie meer aangebied nie.[98]

'n Ad hoc-kommissie het in 1990 aanbeveel dat die vierjarige B.Bibl.-graad, die Nagraadse Diploma in Biblioteek- en Inligtingkunde (NDBI), die Skoolmediasentrum-opleiding sowel as die gerigte M.Bibl.-graad behou word, maar dat nuwe registrasies vir 'n Ph.D.-graad in Biblioteek- en Inligtingkunde nie aanvaar word nie as gevolg van onvoldoende personeelkapasiteit.[99] Gevolglik is die werkkrag hiervoor gerasionaliseer en Biblioteekkunde as studierigting aan die PUK is teen die negentigerjare geleidelik uitgefaseer.

## • Joernalistiek/Kommunikasiekunde

'n Nagraadse diploma in Joernalistiek is in 1957 goedgekeur[100] – die eerste sodanige diploma in Suid-Afrika[101] Kursusse in Joernalistiek is vir die eerste keer in 1958 aangebied. Dit sou mettertyd 'n baie belangrike deel van die opleiding in die Fakulteit Lettere word vanweë die praktykgerigtheid daarvan.

Vanaf 1962 kon Perswetenskap (toe so daarna verwys) ook as hoofvak vir 'n B.A.-graad geneem word[102] en teen 1970 kon studente inskryf vir 'n vierjarige B.A. (Perswetenskap)-graad.[103] Die naam daarvan is twee jaar later verander na B.A. (Kommunikasiekunde), terwyl die vak Perswetenskap verdeel is in onder meer die vakke Publiseerkunde, Reklamekunde en Skakelkunde.[104] In die sewentigerjare was B.A.(Komm.) een van die belangrikste beroepsgerigte grade in die Fakulteit Lettere en 'n studierigting wat die meeste studente getrek het.[105] In ooreenstemming met die graadbenaming is die naam van die Departement Kommunikasie en Perswetenskap in 1982 verander na die Departement Kommunikasiekunde.[106]



*Die Kommunikasie-gebou, 2003 (Bron: PUK-Argief)*

Kommunikasiekunde het in die tagtiger- en negentigerjare steeds bly groei. 'n Ontwikkelingsplan vir die Departement Kommunikasiekunde wat in 1989 goedgekeur is, het die klem verder laat verskuif na loopbaangerigte opleiding.[107] Voorsiening is gemaak vir akkrediteringseksamens vir die skakelbedryf.[108] Gaandeweg is gespesialiseer in meer gefokuste rigtings, veral in korporatiewe kommunikasie. Naas akademiese skoling is die klem ook geplaas op die verwerwing van beroepsvaardighede vir die kommunikasiebedryf. 'n Baccalaureusgraad in Bedryfskommunikasie (BBK) is ingestel en die Nagraadse Diploma in Kommunikasiekunde is vervang met 'n Nagraadse Diploma in Bedryfskommunikasie.[109]



*Van die Departemente: v.l.n.r. Beeldende Kunste met prof. August Venter, Studente in Skeppende Kunste; 'n Verpleegkundestudentegroep saam met me. Petra Kahl; en van die baie tonele by Spraakleer en Drama, 1975 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*



*Prof. Frederika de Villiers (Verpleegkunde) en 'n student, Anita Nel, in gesprek (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

## • Nog praktykgerigte opleiding vanaf die sestigerjare

In 'n poging om praktykgerigte opleiding te bevorder wat as 'n behoefte sedert die sestigerjare geïdentifiseer is, het die PUK in 1961 vir die eerste keer oorweging geskenk aan die moontlikheid om akademiese opleiding vir verpleegsters in te stel.[110] Die eertydse Transvaalse Provinsiale Admini-strasie was bereid om 'n deel van die salaris van dosente te betaal wat deur die Universiteit vir hierdie opleiding be-noem is.[111] 'n Vierjarige graadkursus B.A. (Verpleegkunde) is in 1964 ingestel met die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Verpleegstersraad.[112] Opleiding het baie praktiese werk in hospitale ingesluit en opleiding gedurende die vierde jaar is voltyds te Klerksdorp gedoen omdat die hospitaal aldaar sekere geriewe gehad het wat nie by die hospitaal op Potchefstroom beskikbaar was nie.[113]

Verdere praktykgerigte spesialisering het gevolg toe die Universiteit in 1966 begin het met 'n vierjarige B.A. (Beplanning)-graad.[114] Stadsbeplanning en Streeksbeplanning moes as hoofvakke saam met Aardrykskunde en ander vakke vir hierdie graad geneem word.[115] Soos in die geval van ander beroepsgerigte grade is net 'n beperkte aantal studente vir die graad gekeur.[116] Laat gedurende die negentigerjare is die Vakgroep Stads- en Streeksbeplanning tydens die reeds vermelde akademiese herstrukturering by die Skool vir Omgewingswetenskappe ingedeel, maar enkele maande later volledig by die Fakulteit Natuurwetenskappe ingeskakel.[117]


Vanaf 1974 het die beroepsgerigte grade in Verpleegkunde en Beplanning onderskeidelik bekend gestaan as B.Art. et Scien. (Verpleegkunde) en B.Art. et Scien. (Beplanning).[118] Die getal studente wat elk van hierdie grade in die sewentigerjare verwerf het, het jaarliks tussen tien en twintig gewissel.[119] Meer as 'n dekade later is die naam van die B.Art et Scien. (Verpleegkunde)-graad na B.Curationis (B.Cur.) verander en die studietydperk verleng.[120] Vanaf die middel van die negentigerjare is die Gevorderde Universiteitsdiploma in Professionele Verpleegkunde ingestel wat ook telematies aangebied is.[121] Studentegetalle in Verpleegkunde het toegeneem, veral na die inskakeling by Telematiese Leersisteme (TLS). Met die akademiese herstrukturering in fokusareas is hierdie opleiding ná 1998 in die nuwe Fakulteit Gesondheidswetenskappe aangebied.[122] In 1963 het die Fakulteitsraad Lettere en Wysbegeerte begin met 'n ondersoek na die wenslikheid van kursusse in spraakleer en voordragkuns.[123] Reeds die volgende jaar het die Raad die nuwe studierigting goedgekeur en die eerste personeellid benoem.[124] Kursusse in Spraakleer en Drama, wat as hoofvak vir 'n B.A.-graad geneem kon word, is in 1965 begin. Aanvanklik kon enige student die vak neem en was dit so gewild dat 70 B.A.-studente daardie jaar vir die eerstejaarskursus ingeskryf het. Daarna is besluit dat keuring voortaan eers sou plaasvind, sodat net studente met die nodige aanleg die vak neem.

Opleiding is gebied in spraak- en vertolkingskuns sowel as in toneelkunde.[125] Reeds in 1969 is die vak verdeel in Spraak- en Toneelkunde, Dramakunde en Toneelkunde, wat almal as kursusse vir 'n B.A.-graad geneem kon word.[126] 'n Aparte graad in Spraakleer en Drama is nie ingestel nie, maar wel 'n driejarige universiteitsdiploma in Spraakleer en Drama en later ook 'n universiteitsdiploma in Toneelkuns.[127] Die naam van die Departement en die Diploma is in 1989 gewysig na Spraak en Toneel.[128] Hierdie rigting het tydens die rasionaliseringsproses laat gedurende die tagtiger- en vroeë negentigerjare in die slag gebly en die Departement Spraak en Toneel het in 1993 ophou bestaan. Vanaf 1972 kon ingeskryf word vir die vierjarige graad, naamlik die B.A. (Beeldende Kunste) wat naas Kunsgeskiedenis, vakke soos Tekenkuns, Skilderkuns en Beeldhoukuns ingesluit het.[129] In die tagtigerjare is opleiding in beeldende kuns uitgebrei deur die instelling van 'n M.A. (Beeldende Kuns) en 'n B.A.(Ed.) vir die opleiding van kunsonderwysers. Ook is die sillabusse vir Grafiese Kuns en Beeldende Kuns uitgebrei.[130] Beeldende Kunste as studierigting het gedurende die rasionaliseringsproses in die slag gebly. Kunsgeskiedenis is behou, maar tydelik afgeskaal tot 'n tweejarige hoofvak totdat die vak in die middel van die negentigerjare heringestel is as driejarige hoofvak.[131]

'n Herkurrikulering van musiekopleiding is in 1997 deur die UK en Raad goedgekeur. Dit het onder meer behels dat die vakbenaming Musiekpedagogie na Musiekopvoeding verander is, dormante kursuseenhede soos Akoestiek en Algemene Musiekleer geheraktiveer is, ses nuwe kursuseenhede in Musiektegnologie en Konsertaanbieding ingestel is, die kurrikulum vir 'n B.A.-graad (met Musiekvakke) in drie kurrikulums geherstruktureer is ('n algemene rigting, asook Musiekadministrasie en Musiekopvoeding) en vir die B.Mus.-graad in vyf kurrikulums (Uitvoerend, Musiekwetenskap, Komposisie, Musiektegnologie en Musiekopvoeding). Die U.D.M.-kurrikulum (vir onderwysstudente

### *'n Nostalgiese terugdink aan die eertydse Departement Spraakleer en Drama, 1965-1993*

Het ek Anna werklik ontmoet – of was dit dalk 'n aanvoeling vir 'n teenwoordigheid? Dalk 'n inbeelding wat gepaard gegaan met met 'n intense emosionele waarneming? Na al die jare weet ek steeds nie. My eerste ontmoeting met haar was sowat 'n jaar nadat die Departement Spraak en Toneel (aanvanklik bekend as die Departement Spraakleer en Drama) op inisiatief van wyle prof. W.N. Coetzee (eertydse Dekaan van Lettere en Wysbegeerte) tot stand gekom het. Dit was 'n koue wintersaand in 1966. Eintlik kan ek dit nie juis 'n ontmoeting noem nie, want soos baie ander studente en dosente in die 28 jaar van die Departement se bestaan het ek haar nie in lewende lywe gesien nie – dit was eerder 'n ervaring of gewaarwording.



*Prof. Anna Neethling-Pohl, 1974 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*


Maar laat ek terugkeer na die aand in Julie 1966. Ek was in een van die benoude ateljeetjies in die ou Sielkundegebou, waar Spraakleer en Drama aanvanklik gehuisves was, besig met voorbereiding vir my eerste groot vertolkingseksamen. Ek was aan 't worstel met die hogere Ingels van Shakespeare se Sonnet nr. 100. Toe ek by "Rise resty Muse..." kom, het ek haar gehoor – 'n ligte roering by die deur van die ateljee. Anna het blykbaar 'n ding oor deure gehad, want dié wat van haar bestaan weet, vertel van deure wat onverklaarbaar oop- en toegegaan het wanneer sy in die omgewing was. Maar Anna het altyd my privaatheid gerespekteer – ook daardie eerste aand. Dis ek wat die deur van die ateljee oopgemaak het om ondersoek in te stel. Alhoewel ek haar nie kon sien nie, het ek geweet sy het saggies by my verbygeskuur en rustig in die hoek van die ateljee gaan sit, waar sy geduldig na my eerstejaarspoging as Shakespeare-vertolker geluister het. Ek was glad nie bang nie; trouens ek moet sê ek was meer lugtig vir Theunis en Bet Botha (die eerste dosente van die Departement) met wie ek die volgende dag in die praktiese eksamenlokaal gekonfronteer sou word. My vrugtelose pogings met die sonnet het haar waarskynlik daartoe gedryf om my oplaas saggies aan te raak. 'n Groot helderheid, kalmte en kreatiewe drif het skielik deur my liggaam getrek. Nodeloos om te sê: my vertolking die volgende dag was baie geslaagd en oortuigend!

Daarna was daar nog baie ontmoetings. In die loop van die 27 jaar wat ek eers as student en toe as dosent in die Departement werksaam was, het sy my dikwels met haar kreatiewe gees aangeraak. Natuurlik was daar baie studente en selfs dosente wat haar bestaan afgemaak het as pure verbeel-ding. Uit die aard van die saak het Anna haar nie met almal bemoei nie. Maar ek is vandag nog seker dat Anna iets te doen gehad het met elke Departementele produksie wat die Kampus en die Potchefstroomgemeenskap se tonge aan die praat gesit het. Die reusesukses van produksies soos "Jakkalsstreke van Scapino" (Molière) (1970), "Afspraak met Godot" (Samuel Beckett) (1970), "Die dieper reg" (1972), "Oom Wanja" (Anton Tsjeckof) (1974), "Macbeth" (1987), "Fiddler on the Roof" (1980), "The Sound of Music" (1981) en "Raka" (1967 en 1977) moes op een of ander wyse deur die toedoen van Anna gewees het.

Of Anna al op die PUK was toe Theunis Botha as eerste en enigste departementshoof die leisels in 1965 kom opneem het en of sy saam met hom en sy eerste hulpdosent, Bet Botha, van die Pretoria Onderwyskollege af hier aangekom het, dit weet ek ook nie. Al wat ek weet, is dat sy in 1972 saam na die nuwe Spraak- en Toneelgebou in Hofmannstraat verhuis het toe die ou Sielkundegebou afgebreek is om plek te maak vir die Sanlam-ouditorium en die Studentesentrum.

Haar vrugbaarste jare was in die laaste periode van die Departement se bestaan. Dit het soms gebeur dat jy laatnag in die PU-Kamertoneelteater (die intieme lokaal waar byna al ons produk-sies plaasgevind het) sit en werk aan die beligting of klank van 'n produksie en dan skielik van haar teenwoordigheid bewus word. Sy was in elke aangrypende lig- of klankeffek, in elke meesleurende spel- of vertolkingsnuanse en in elke magiese moment waarmee ons ons gereelde teatergangers aangegryp het.

Een aand in 1990 op pad terug van die teater af (na 'n aangrypende opvoering van "Agnes of God") het ek begin vermoed dat sy dalk die vergestalting van die mens se kreatiewe gees is, want sien ... vandag (tien jaar na die sluiting van die Departement) het ek nog steeds die vermoede dat waar sy stilweg teenwoordig was, sukses nie uitgebly




*Prof. Theunis Botha (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

het op die werksaamhede van hierdie Departement nie. Dit skryf ek toe aan die groot aantal leiersfigure in toneel, radio en TV wat hier geskool is; bekende name soos Marietta Kruger, Niekie van den Bergh, Evert Snyman, Mariëtte Engelen, Isabel Verwey, Hetta Bekker (Amore), Dawie du Toit, Alice Smith (Afrikaanse Programme: Radio Moskou), Chanté Hinds, At Botha, André-Jacques van der Merwe, Gerrit Schoonhoven, Hannes Muller, Pierre van Pletzen (eertydse Artistieke Direkteur Toneel by SUKOVS en TRUK), Sandra Ferreira, Leon Cloete, Sulette Thompson, Elize Roussouw (TV- en filmagent), Annalise Bosch, Janine Pretorius (TV-oorklanking), Sam Cooper en Kobus Lodewyckz (Foyerbestuurder van die Staatsteater), Wim Beukes (Akteur-bestuurder van Noordwes-produksies, die eerste en enigste selfstandige Afrikaanse toneelgroep in die Noordweste) en Isabel Smit (Assistentregisseur van film en TV). Voeg daarby die name van Karin Hougaard, Ralph Rabe (Johannes Kerkorrel), Karen Meiring (van Cutt Glass-faam en Direkteur van die KKNK) en Pieter Oberholzer (leier van die Begrafnissangers) dan wil dit voorkom asof die Departement ook sy impak op die musiekbedryf gehad het. Die dramaturge Charles Fourie, Ian Roussouw en Kobus Strydom en die digters Pieter Claassen en Henk Wijbenga kom ook uit hierdie stal.

Op die gebied van tienertoneel het talle oudstudente 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van toneel gelewer, onder andere Cecile Spamer, Mariaan Dippenaar, Maggie Olivier, Johann van der Walt en Tillie Kotze. Selfs in die diplomatieke diens was daar van ons oudstudente. Dink byvoorbeeld aan Andries Swart (Washington) en Sarel Haasbroek (Stockholm). Die Departement spog ook met 'n hele rits doktorsgrade: Theunis Botha, Bet Botha, die uwe, Elize Scheepers, Aldo Behrens, Paul Schutte, Frans van Rensburg en Salome Combrink. Hierdie gegewe het meegebring dat die Departement beskik het oor 'n doserende personeelkorps met die hoogste kwalifikasies in 'n Suid-Afrikaanse dramadepartement. Daarbenewens het ons ook verskeie akademici opgelewer vir ander tersiêre inrigtings: Andries Swanepoel (stigter van die Dramadepartement van Pretoria Technikon), Aldo Behrens (Dekaan: Lettere en Wysbegeerte, Universiteit van Namibië), Abri le Roux en Mari-Heleen Coetzee (albei dosente in die Departement Drama van die Universiteit Pretoria), Lorraine Viljoen (senior lektrise in die Dramadepartement van Pretoria Technikon), Pieter Fourie (Hoof van die Departement Kommunikasiekunde by UNISA) en Petrus Swanepoel (Hoof van die Departement Afrikaans-Nederlands by UNISA).
Oor die jare heen het verskeie bekende persoonlikhede deel van die doseerkorps van die Departement uitgemaak, onder andere Jacques Loots (1967-1970), Franz Marx (1971-1974), Anna Neethling-Pohl (1975), Aldo Behrens (1975-1979), Brenda Potgieter (vanaf die Chladek-instituut in Europa), asook die Duitse regisseur Wolfgang von Stass (1989).

Met die sluiting van die Departement in 1993 het die permanente personeel op ander plekke gaan nesskop. Die Departement was in sy bestaansjare ook intensief betrokke by gemeenskapsdiens. Afgesien van die feit dat ons vir 28 jaar lank toneel en vertolking van hoogstaande gehalte aan die Potchefstroomse publiek gebring het (soms meer as 14 produksies per jaar), het die doserende personeel op 'n gereelde basis toneel-, vertolking- en redevoeringskursusse vir skole en kultuurorganisasies aangebied. Danksy die inisiatief van die Departement Ontwikkeling van die PUK kon ons ook gereeld aanbiedings van voorgeskrewe werke na hoërskole neem. Daarom het die eertydse rektor, prof. Tjaart van die Walt, by geleentheid beweer dat die Departement Spraak en Toneel 'n goeie vertoonvenster van die Universiteit se werksaamhede is.

Saamgestel deur **dr. Peet Janse van Rensburg** (een van die eerste studente en later senior lektor in die Departement).



***Dr. Peet Janse van Rensburg***
***(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})***



*Die Galery, tuiste van die PUK-kunsversameling (Bron: Puk Argief)*

## *Musiekopleiding aan die PU vir CHO 1943-2004*

Die Skool vir Musiek aan die PU vir CHO, soos ons dit vandag ken, het gegroei uit 'n klein groepie studente en slegs een dosent uit die veertigerjare van die vorige eeu. Studente het Musiek in 1943 as 'n eenjarige kwalifiserende kursus vir 'n B.A.-graad begin neem en mnr. (later prof.) J.P. Malan het die kursus aangebied. Omdat 'n gesonde belangstelling in musiek onder die studente bestaan het, is Musiek spoedig daarna ook as een van die hoofvakke vir 'n B.A-graad goedgekeur en is 'n nuwe kursus, Musiekgeskiedenis en –waardering, in 1945 ingestel. So het Musiek 'n voorwaardige plek in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte gekry, met mnr. Jacques Malan as voltydse lektor.

Gepaardgaande met hierdie entoesiastiese begin het die vak Musiek vinnig vooruitgegaan. Dit was eintlik noodwendig dat die instel van die B.Mus.-graad sou moes volg – 'n studierigting verbind aan 'n volwaardige musiekdepartement. Ook sou die personeelkorps uitgebrei moes word. Dit gebeur dan ook gou hierna, in 1948, met die instelling van die eerste twee jare van 'n vierjarige B.Mus.-graad en met die bevordering van mnr. Jacques Malan tot eerste departementshoof van die nuut gestigde Departement Musiek. Mnr. (later prof.) J.J.A. van der Walt word in 1949 die tweede lid van die musiekpersoneel, toe hy aangestel is as lektor, met as hoofopdrag die onderrig van Harmonie en Kontrapunt. Op hierdie wyse begin sy lang en vrugbare verbintenis met die Departement Musiek, wat uitloop op sy departementshoofskap van 1967 af tot met sy aftrede in 1985.

In 1950 is die volle driejarige B.Mus.-program die eerste keer aangebied en is 'n onderwysdiploma in Musiek ook inge-stel. Die Departement Musiek was hiermee stewig op koers. Een van die PUK se eie B.Mus.-studente van 1955, mnr. (later prof.) H.P.A. Coetzee, is in 1956 as junior lektor aan-gestel om daarmee die derde voltydse personeellid van die Departement te word. Hy was uiteindelik tot met sy aftrede in 1994 vir 38 jaar lank aan die Departement Musiek verbonde.

Lesings en praktiese onderrig is op verskeie plekke aangebied, byvoorbeeld in die huidige Gereformeerde Kerk Potchef-stroom-Noord se kerksaal en aangrensende vertrekke, die Ferdinand Postma-biblioteek, die ou Cachetkoshuis (met sy ry klein kamertjies wat nie klankdig was nie) en die ou Teologiese Skool langs die huidige Laerskool Mooirivier, die lesingkamers van die LO-Departement en in 'n ou huis in Van der Hoffweg (langs die LO-Departement) en die rondawel langsaan.



*Dr. Jacques Malan, eerste hoof van die Departement Musiek, 1948*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

As gevolg van die lewendige belangstelling in musiek in die gemeenskap van Potchefstroom en as 'n volgende stap in die ontwikkeling van musiek op die PUK, het die Universiteit besluit om die Konservatorium vir Praktiese Musiek te stig. Aanvanklik sou hierdie Konservatorium onafhanklik van die Departement Musiek wees. As hoof van hierdie nuwe instelling is die bekende en gesogte orrelis, mnr. (later prof.) M.C. Roode aangestel. In daardie stadium was hy die eerste Musiekorganiseerder van die Transvaalse Onderwysdepartement. Hy het kort tevore as amptelike orrelis tydens die ingebruik-neming van die Voortrekkermonument opgetree. Hy was die regte man vir hierdie pos en het met oordeelkundige personeelkeuse, musikale insig en goeie onderwys die onderrig wat aan die Konservatorium gegee het, tot groot hoogtes gelei. Reeds toe in 1950 begin is om onderrig by die Konservatorium te gee het 'n groot groep leerlinge (307) musiekonderrig van 14 leerkragte (waarvan ses voltyds was) ontvang. Vir hierdie doel het die PUK die gebou van die voormalige Potchefstroom College of Music in Potgieterstraat gekoop om as konservatorium te dien. Van die vroeë musici wat saam met prof. Roode die fondamente van die nuwe inrigting gelê het, was mev. Heinie de Wet, mnr. Dawid Müller, mevv. Thelma Pretorius, M.R. Coetzee, G. van Boelken-Hamm en mnr. Septimus Smuts as klavierdosente, mnr. Arthur Wegelin (later professor by UPE) vir viool, madame Naomi Papé vir sang, en 'n paar jaar later ook mev. Margaret Wandelt vir sang. Later is tjello-onderrig ook bygevoeg toe madame Eugenie Premyslav as deeltydse dosent benoem is. Ander personeel gedurende die vyftigerjare was mee. Anna Papendorf (sang), Susan Sauerman (viool), Annette Swanepoel, Euodia Conradie, Erica Paulsen, Karinie van der Merwe, Rina Leviseur, Marlize Potgieter en Lydia van der Vyver.

Die Konservatorium het in die vyftiger- en sestigerjare konstant gegroei en verskeie musici wat vandag bekende name in die Suid-Afrikaanse musieklewe is, was hier werksaam. Mnr. Pieter de Villiers is in 1954 deur prof. Roode genader om die klavierpos van Dawid Muller wat vertrek het, aan die Konservatorium te vul. Ander musici wat korter of langer tydperke hier werksaam was, is onder andere mnre. Hennie Joubert (later professor en hoof van die Departement Musiek, Unisa), Stefans Grovè (later dosent in die VSA en by UP) en Johann Potgieter (later departementshoof by UOVS), asook me. Andriette Snyman, Jeanette Snyman, Sarie-Serfontein-Theron en Doris le Roux.

In 1955 het dr. Jacques Malan 'n Collegium Musicum gestig as verlengstuk van die leergang vir Mu-siekgeskiedenis. Die Collegium Musicum het oor baie jare heen 'n ryk verskeidenheid konserte deur dosente en studente aangebied en het oor 'n eie koor beskik. Heelwat van die vroeë personeellede dink nog met heimwee terug aan die aangename konserte wat selfs by verskillende huise aangebied is.


Na die vertrek van dr. Jacques Malan in 1955 is die Departement Musiek en die Konservatorium saamgevoeg onder die hoofskap van prof. Roode. Prof. Hennie Coetzee vertel van die vindingrykheid wat die personeel en studente aan die dag gelê het met die aanbieding van musiekkonserte in daardie vroeë jare. Konserte is in verskeie lokale aangebied, onder andere die groot lesingsaal van die ou Teologiese Skool en vir sommige geleenthede het hulle selfs gordyne vir dié lesingsaal geprakseer. Die konsert in 1958 waartydens die eerste klawesimbel in gebruik geneem is, het byvoorbeeld in dié lokaal plaasgevind. Sommige konserte van internasionale kunstenaars, soos die violiste Sarah van Praag, het in die Hoofgebousaal plaasgevind en ander, soos die feesoptrede van die beroemde pianis Walter Klien tydens die Mozartjaar in 1956, was in die stadsaal. 'n Collegium Musicum opera-aand is selfs in die saal van die Girls' High College aangebied met Purcell se Dido and Aeneas en Britten se Ce-remony of Carols. Die Totiussaal is ook vir konserte gebruik.

Een van die mylpale in die geskiedenis van die Departement Musiek aan die PUK was in Mei 1960 toe 'n nuwe, doelmatige Konservatoriumgebou, met een van die beste musieksale in die land, opgerig is. Dit was 'n groot en belangrike geleentheid vir die Universiteit: ses konserte, waaronder 'n optrede deur die komponis Arnold van Wyk in 'n program wat in sy geheel uit sy werke bestaan het, sowel as 'n uitvoering deur die SAUK-orkes onder leiding van Anton Hartman, het deel van die feestelikheid gevorm.

In die volgende jare het etlike beroemde uitvoerende kunstenaars in die Konservatoriumsaal opgetree, waaronder die sprankelsopraan Elly Ameling, beroemde pianiste soos Alicia de Larrocha en Peter Frankl, die violis Uto Ughi, die hobo-virtuoos Heinz Holliger, die Franse horingspeler, Hermann Baumann, saam met die Württembergse Kamerorkes en vele meer. Heelwat van hierdie kunstenaars het oor die jare heen selfs verskeie kere hier kom optree. 'n Kleurryke era in die geskiedenis van die Konservatorium is onverwags in 1967 op 'n tragiese wyse afgesluit toe die geliefde prof. Roode en sy vrou in 'n motorongeluk in Potchefstroom oorlede is.

Prof. Attie van der Walt, toé met sy ondervinding van agtien jaar in die Departement Musiek, was die aangewese persoon om as departementshoof aangestel te word. Tydens die bykans twintig jaar wat prof. Van der Walt die hoof van die Departement Musiek en Konservatorium was, het hy hom in die onderrig hoofsaaklik op Musiekgeskiedenis toegespits. Reeds aan die einde van

1967 word die bekende pianis, begeleier en komponis, Pieter de Villiers, na die PUK teruggelok, dié keer as professor in Musiek in die Departement Musiek. Op dié stadium was hy reeds lankal landswyd bekend as uitmuntende begeleier van verskeie vooraanstaande Suid-Afrikaanse sangers soos Cecilia Wessels, Betsy de la Porte, Joyce Barker en Emma Renzi en as die vaste begeleier van Mimi Coertse. Pieter de Villiers was 'n huishoudelike naam by die Suid-Afrikaanse konsertpubliek, sy komposisies was gewild, sy werke, soos die Sewe Boer-neefliedjies, is in menige konsertprogramme opgeneem. Tot met sy aftrede in 1984 was hy weer deel van die PUK.



*Prof. G.W.R. (Werner) Nel, die wel-bekende bariton (Bron: Departement Musiek)*

In 1974 word die eerste bariton van die Stadsteater in Revier, Gelsenkirchen, Duitsland, aan die PUK aangestel en so begin mnr. G.W.R (Werner) Nel (later professor) se vrugbare verbintenis met die PUK, wat uiteindelik in 2003 uitloop op die toekenning van 'n eredoktorsgraad aan hom. Werner Nel tree op in verskillende rolle as bariton en maak verskeie opnames vir radio en televisie. In 1976 volg sy Londense debuut in die Wigmore Hall met die Australiese begeleier, Geoffrey Parsons, en word hy entoesiasties ontvang deur die gesofistikeerde Londense gehoor. Ander hoogtepunte was onder andere die Artes-toekenning in 1987 vir sy en Albie van Schalkwyk (klavier) se interpretasie van Brahms se Die schöne Magelone en die vrystelling van 'n laserskyf van verskeie Duitse kunsliedere wat deur die twee kunstenaars uitgevoer is.

Van Werner Nel se studente wat besonder goed presteer het, is Rina Hugo wat Suid-Afrika in 1976 by die Rio Internasionale Sangkompetisie verteenwoordig het en wat later as sangeres van populêre musiek groot sukses behaal het, André Howard wat in 1986 twee internasionale sangkompetisies gewen het – die ARD-kompetisie in München en die Hugo Wolf-kompetisie in Stuttgart – en Erica Eloff aan wie die eerste prys in 2003 in die Concours Internationaux de chant & d'Art Lyrique in Parys toegeken is. Nog 'n oudstudent van Werner Nel, Sally du Randt, was teen 2004 werksaam as sopraan aan die Augsburgse Teater in Duitsland.'n Student van Werner Nel wat internasionaal opgang gemaak, is Kobie van Rensburg. Hy het in 1993 die konsertafdeling van die Transnet/Unisa se Internasionale Sangkompetisie gewen en is sedert 1995 die eerste tenoor aan die Gärtnerplatz Nasionale Operateater in München. As tenoor is hy wyd in aanvraag en tree hy gereeld op saam met beroemde dirigente soos John Eliot Gardiner en James Levine. Kobie van Rensburg se debuut in die Metropolitan Opera in New York is ook reeds geskeduleer vir Desember 2004.

Ander personeellede wat in die sestigerjare waardevolle werk aan die Departement Musiek gelewer het en wat dekades lank aan die Departement verbonde was tot met hulle aftrede, was onder andere die volgende: mnr. Gerhardus Koornhof (later professor) wat afgesien van sy werk as klavierpedagoog en musiekopvoedkundige, ook in 1960 'n leidende rol gespeel het in die totstandkoming van die jaarlikse nasionale orkeskursusse en later die Nasionale Jeugorkes waarvan die vrugte vandag nog gepluk word; mnr. Hans Babst (Harmonie en Kontrapunt), mnr. Arie van Namen (orrel), me. Martie van Rensburg (klavier), me. Sarie Serfontein-Theron (sang) en me. Annemarie Schulenburg (viool). Dr. Eberhard Künkel (orrel) was ook gedurende die sestigerjare 'n paar jaar lank dosent aan die Departement. Dr. Chris Venter (klavier) het, nadat hy etlike jare gedurende die sestiger- en sewentigerjare aan die Departement verbonde was, in 1978 professor aan UOVS geword.

Die geskiedenis van die Departement gedurende die sewentigerjare toon dat die Departement sy bedrywighede uitgebrei het – ook ten opsigte van die verskeidenheid instrumente en ander opleidingsrigtings. Die volgende aanstellings is byvoorbeeld in die sewentigerjare gemaak: die violis Van Zyl Hough, die fluitis Leonard Lemmer, die koorleier Awie van Wyk, die sangeres Rina Hugo, die Alabama-regisseur Johan van Rensburg wat die elektroniese ateljee ingerig het, die orreliste Jetty de Vries en Eddie Davey en die fagottis Fanie Jooste. Ook het die pianiste Truida van der Walt, Dirkie Badenhorst (Musiekopvoeding en Gehooropleiding), Minette Joubert (altviool en klavier) permanente aanstellings gekry. Pienaar Fourie (altviool) was ook vir 'n kort tydperk gedurende die sewentigerjare aan die Departement verbonde.

In die middel van die sewentigerjare word nog 'n drieverdiepingvleuel met bykomende oefen-en lesingskamers, 'n nuwe mu-siekbiblioteek, 'n ateljee vir elektroniese musiek en 'n klein orrelsaal met 'n Barokorrel by die bestaande Konservatoriumgebou gevoeg. Gevolglik was die Departement nou gerat om die steeds groeiende getal musiekstudente te akkommodeer. In die tagtigerjare het die volgende personeellede hul vir korter of langer tydperke by die Departement gevoeg: me. Elizabeth Heyns (sang), Ria Nel (Musiekopvoeding), mnr. Chris van der Walt (tjello, broer van prof. Attie van der Walt en pa van Truida), me. Daleen Grobler (klavier), Konstanze-Marié Ahlers (tjello), Zanta Hofmeyr (viool), Mercedes Pavlicévic (fluit), Glenda Piek (tjello) Joan Wilken (sang) en mnr. George Fazakas (fluit).

Na die aftrede van prof. Attie van die Walt in 1985 is die oud-Puk, prof. Henk Temmingh, wat op daardie stadium by die Universiteit van die Witwatersrand werksaam was, as departementshoof aangestel. Hierdie bekende orrelis, komponis en musiekteoretikus sou die Departement lei in die moeilike tye wat nou voorgelê het as gevolg van allerlei veranderings en rasionalisering. In die tagtigerjare moes die

Departement byvoorbeeld die tweede vioolpos en die tweede sangpos afstaan vanweë hierdie rasionaliseringsbeleid. In hierdie tydperk is egter begin met die beplanning van 'n nuwe driejarige Universiteitdiploma in Musiek wat aan studente wat nie voorheen die geleentheid tot musiekonderrig gehad het nie, die moontlikheid gebied het om met breë, algemene musiekopleiding aan die PUK te begin, met die doel om as klasmusiekonderwysers af te studeer. Verder het die personeel onder die bekwame leiding van prof. Temmingh 'n grondige evaluering van die Departement se doelstellings en sillabusse gemaak en dit op 'n stewige grondslag geplaas met die oog op die veranderende tye waarin hulle hul bevind het.


In die tagtigerjare is twee belangrike aanstellings in die strykerafdeling van die Departement gemaak toe die violis Piet Koornhof (1986) en die tjellis Human Coetzee (1989) in die permanente personeel opgeneem is. Albei hierdie uiters begaafde musici het so te sê in die Konservatorium grootgeword, omdat een of albei van hulle ouers jare lank aan die Departement Musiek verbonde was, en albei intussen in eie reg tot hoog aangeskrewe professionele musici ontwikkel het. Piet Koornhof het sy vioolstudie onder Dorothy Delay aan die Julliard School of Music in New York, VSA, voortgesit en Human Coetzee sy tjellostudie onder Angelica May aan die Robert Schumann Instituut in Düsseldorf, Duitsland.

Kort hierna het Piet Koornhof en Human Coetzee, saam met die pianis Albie van Schalkwyk wat intussen ook by die Departement Musiek aangesluit het (en wat later professor by UOVS geword het), die Potch Trio gestig. Hierdie Trio word sedertdien as een van die top-trio's in die land beskou en hulle tree gereeld oral in die groot sentra op. Na Van Schalkwyk se vertrek uit Potchefstroom het die pianis Francois du Toit by hulle aangesluit. In 1999 het die Potch Trio tydens die sewende Palaces of St. Petersburg International Music Festival in Rusland, asook by die Akademie vir die Kunste in Moskou opgetree.
Met prof. Henk Temmingh se vertrek na Pretoria as hoof van die Toonkunsakademie aan die einde van 1992 word dr. Fanie Jooste in Julie 1993 as die nuwe hoof van die Departement Musiek aangestel en tot professor bevorder. Terselfdertyd is die eerste dosent in Afrikamusiek en Sosiale Musiekwetenskap aan die PUK aangestel, naamlik dr. (later professor) Jaco Kruger van die Universiteit van Venda. Ander aanstellings in die negentigerjare was dr. (later professor) Bertha Spies (musiekteorie), die oud-Puk dr. Daleen Kruger (orrel), me. Bernarda Swart, née Vorster (klavier) en nog twee oudstudente, Jaco van der Merwe (musiekteorie en -komposisie) en Waldo Weyer (klavier).

In 1994 verloor die Konservatorium een van die kleurrykste figure van die Konservatorium oor baie jare heen. Sy was die alombeminde "Juffrou" Martha van Rooy, die altyd hulpvaardige bibliotekaresse in die musiekbiblioteek sedert 1963. Na 'n kort siekbed is sy oorlede en neem me. Elmarie Maree die leisels in die musiekbiblioteek oor.
Studente wat besonder goed op internasionale gebied presteer het, word ook vervolgens hier genoem. Die komposisiestudent, Jaco van der Merwe, is byvoorbeeld in 1989 en 1991 'n finalis in die Flores Juventutis-komposisiekompetisie in België. In 1992 word Marinda Snyman aangewys as "recital-winner" by die internasionale Oundle-orrelkompetisie in Engeland en word sy genooi vir 'n konserttoer deur Engeland as deel van haar prys. Sy tree in 1993 onder andere in die St. Paul's Katedraal in Londen op. Waldo Weyer wen in 1993 'n klavierbeurs van die Royal Schools in Londen wat hom in staat stel om drie jaar lank (tot 1997) aan die Royal Academy of Music te studeer. In 1995 word Hannes Taljaard as die wenner in die Flores Juventutis-komposisiekompetisie in België aangewys (en in 2004 word hy ook as lektor in die Skool vir Musiek aangestel). In 2002 vertrek Douglas Bull na Berlyn om sy fagotstudie by prof. Klaus Thunemann voort te sit en in 2004 word hy mede-solofagottis van die Deutsche Symphonieorchester in Berlyn.



*Prof. Bertha Spies (Bron: Departement Musiek)*



*Mnr. Jaco van der Merwe (Bron: Departement Musiek)*

In 1993 het dr. Spies die inisiatief geneem om die Musikhane-projek te loods waardeur kinders uit agtergeblewe gemeenskappe – hoofsaaklik uit Ikageng – in groepsverband aan musiek blootgestel is en musiekonderrig as deel van hulle algemene opvoeding aangebied is. Hierdie program vind sedertdien weekliks by die Konservatorium plaas en al die musiekopvoedingstudente van die Departement word in die aanbieding van klasse betrek. Die projek het die afgelope tien jaar so gegroei dat 'n koperblaasensemble en selfs 'n simfonieorkes daaruit gegroei het. Verskeie van die kinders wat aan hierdie projek deelgeneem het, het later ook op meriete lede geword van die Noordwes-jeugorkes onder leiding van Fanie Jooste. Heelwat van hulle het ook later met voltydse musiekstudie aan die Departement begin. Met die besluitneming oor die terminering van die Departement Spraakleer en Drama en die Departement Beeldende Kuns teen die einde van die tagtigerjare het 'n donker wolk van onsekerheid aanvanklik ook oor die voortbestaan van die Departement Musiek gehang, maar daar is uiteindelik besluit om die Departement Musiek en die Konservatorium aan die Universiteit te behou, op voorwaarde dat die aantal personeellede verminder word.

Gedurende die volgende jare was daar by 'n paar geleenthede weer sprake dat die opleiding aan die Departement Musiek geter-mineer sou word, maar dit het gelukkig nie gerealiseer nie, hoewel dit dikwels groot onsekerheid onder die personeel geskep het. Aan die einde van die negentigerjare is 'n volgende rasionaliseringspoging deur die Bestuur van die Universiteit geloods. Die Departement is op daardie stadium die Afdeling Musiek wat ingedeel is by die Skool vir Tale en Kunste met prof. Annette Combrink as direkteur. Hierna het dit deel geword van die Skool vir Kunste en uiteindelik is in 2003 besluit om die Afdeling Musiek as 'n volwaardige Skool vir Musiek te laat voortbestaan. 'n Oudstudent, mnr. Jaco van der Merwe, is as direkteur aangestel.

Saamgestel deur **prof. Fanie Jooste** (Skool vir Musiek)



***Die eerste personeel van die Konservatorium in 1950***
***Prof. Maarten Roode en mev. Babs Roode sittende 4de en 5de van links, agter, v.l.n.r. Mee. A. Swanepoel, H. de Wet, C. van der Merwe, (onbekend), (onbekend), mee. E. Conradie, R. Scheepers***
***voor, v.l.n.r. D. Müller, onbekend, me. Babs Roode, M. Roode (Hoof), Anriëtte Snyman, mnr. Hennie Coetzee, onbekend***
***(Bron: Me. L. van den Berg)***



*Die finalejaarmusiekstudente en die musiekpersoneel in 1957. Musiekdosente links agter dr. Attie van der Walt (3de), mnr. Arthur Wegelen (5de) voor: mnr. Pieter de Villiers (2de), J. Snyman , M. Roode, A. Snyman en H. Coetsee (Bron: F. Jooste)*




*Die Konservatorium (Bron: PUK-Argief)*



aan die POK) is weer met ses kursuseenhede verminder.[137] Die Departement Musiek was steeds nou verbind aan die Konservatorium vir Musiek. Die Konservatorium is in 1949 gestig as 'n aparte afdeling van die Universiteit en opleiding is verskaf is op alle vlakke: van elementêre opleiding aan kleuters tot die voorbereiding vir die mees gevorderde musiekeksamens. Die Konservatorium het in 1950 reeds ses permanente personeellede gehad.[138] In 1954 het meer as 200 leerlinge die verskillende musiekeksamens van die Universiteit van Suid-Afrika afgelê.[139]

In 1960 was ongeveer 300 leerlinge by die Konservatorium ingeskryf vir opleiding in klavier, orrel, viool, tjello, sang of harmonie en kontrapunt. Leerlinge is voorberei vir eksamens van Unisa, maar ook van die Trinity School of Music en die Royal School of Music in Londen.[140] Musiekuitvoerings is gereeld aangebied. In 1967 is die Konservatorium met die Departement Musiek gekonsolideer. As gevolg van die fokus op die opleiding van gematrikuleerdes is die junior afdeling van die Konservatorium geleidelik uitgefaseer.[141]

Wat personeel betref, was die Departement Musiek teen 1977 die grootste departement in die Fakulteit met 23 voltydse personeellede daaraan verbonde.[142] Teen 2002 het Musiek steeds die meeste voltydse akademiese personeellede van alle vakgroepe in die Fakulteit gehad, naamlik vyftien.[143]
'n Ander beroepsgerigte vakgebied is Rekreasiekunde (voorheen Liggaamlike Opvoedkunde). In 1983 het die Departement Liggaamlike Opvoedkunde by die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte ingeskakel,[144] waarna die naam van die Departement in 1986 gewysig is na die Departement Menslike Bewegingskunde.[145] 'n B.A.-graad in Rekreasiekunde is in 1982 ingestel en 'n afsonderlike Departement Rekreasiekunde, wat voor- en nagraadse kursusse tot op doktorale vlak sou aanbied, is in 1986 goedgekeur.[146]

## • Nagraadse opleiding en opleiding vir nie-graaddoeleindes

Opleiding vir nie-graaddoeleindes het deur die instelling van voor- en nagraadse diplomakursusse uitgebrei. In verskeie rigtings, onder meer Biblioteek- en Inligtingkunde, Musiek, Spraakleer en Drama, Verpleegkunde, Filosofie en Bedryfskommunikasie het diplomakursusse bestaan.


*Bekendes in die organisasie van die kultuuraktiwiteite van die PUK in die Kultuurkantoor: v.l.n.r. Prof. Awie van Wyk (koor), Mnre. Horst Bütow, Peet Ryke, Pieter du Bruyn (Alabama) (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

Wat nagraadse kursusse betref, was daar bestendige uitbreiding. Nuwe honneurskursusse is ingestel en die aantal Hons.B.A.-grade wat toegeken is, het gestyg van 15 in 1951 tot 39 in 1977, 145 in 1987 en 184 in 1998.[147] Studente wat vierjarige, beroepsgerigte B.A.-grade voltooi het, kon direk inskryf vir M.A.-kursusse, behalwe in Biblioteekkunde en Musiek, waarin gewoonlik net enkele studente 'n honneursgraad behaal het. Die Hons.B.Bibl.-graad is op 'n stadium uitgefaseer, maar in die middel van die negentigerjare weer heringestel om dit vir studente wat die M.-graad nie voltooi nie, moontlik te maak om met 'n honneursgraad uit te tree.[148] Wat die aantal meestersgrade in die Fakulteit betref, was daar 'n stygende lyn wat later weens die verkleining van



*Die Shapiro-woning wat in Maart 1983 verbreek en verander is om plek te maak vir die tydelike kantore van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde {die Piet Malan-klubhuis is later op die terrein opgerig} (Bron: PUK-Argief)*

die Fakulteit weer afgeplat het. Die getal M.A.-grade het gewissel van ses in 1951 tot 20 in 1977, 38 in 1987 en 23 in 1998.[149] 'n Belangrike ontwikkeling wat nagraadse opleiding in die professionele rigtings betref, was toe 'n meestersgraad in Kliniese Sielkunde in 1967 ingestel is. Hierdie meestersgraad het 'n jaar akademiese studie sowel as 'n jaarlange internskap behels. Slegs 'n beperkte aantal studente is jaarliks vir hierdie opleiding gekeur. Na die voltooiing van die graad was registrasie as kliniese sielkundige by die Suid-Afrikaanse Mediese en Tandheelkundige Raad moontlik.[150] Vanaf 1979 is meesters- en doktorsgrade in Verpleegkunde die eerste keer aangebied.[151]

### 4.3.2 Fakulteit Natuurwetenskappe[152]


Die Fakulteit Natuurwetenskappe was, wat studentegetalle betref, in die eerste drie dekades na selfstandigwording steeds heelwat kleiner as die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte. In die Fakulteit Natuurwetenskappe is in 1951, naas die algemene B.Sc.-graad ook opleiding aangebied in gespesialiseerde B.Sc.-rigtings, naamlik Huishoudkunde en Higiëne. Daardie jaar het 26 studente 'n



*Die "Spinnekop"-gebou (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

B.Sc.-, die B.Sc. (Huishoudkunde)- en die B.Sc. (Higiëne)-graad[153] verwerf; ongeveer 18% van al die eerste grade. 'n Geleidelike toename in studentegetalle is aangeteken en teen 1977 is 193 algemene en beroepsgerigte B.Sc.-grade toegeken wat 21% van die totale aantal toegekende eerste grade in daardie jaar verteenwoordig.[154]

Die algemene B.Sc.-graad het, soos die B.A.-graad, twee hoofvakke ingesluit, waarmee in die meeste gevalle reeds in die eerste jaar begin is en voortgegaan is tot in die derde jaar. Elk van hierdie vakke het op sigself



*Prof. D.J. van Rooy*



*Prof. A.P. Goossens*




*Prof. D.J. du Plessis (Rooibees)*




*Prof. W.P. Robbertse*




*Prof. J.A. van Eeden*




*Prof. P.H. Stoker*



**Prof. C.J. Reinecke**




*Prof. J.J. Grobler (wnmd.)*



*Prof. P. van Eldik*



*Prof. J.C. Geertsema*



*Prof. D.J. van Wyk*

*Die dekane: Natuurwetenskappe, 1951-2003 (Bron: PUK- Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

'n ryk ontstaansgeskiedenis. Beperkte ruimte het 'n omvattende studie van elke departement en vakgroep se ontwikkeling nie moontlik gemaak nie. 'n Brokkie interessante geskiedenis uit die B.Sc.-graadvakke is byvoorbeeld dié van Departement Dierkunde. Hulle moes in die ontstaansjare onder prof. Eiselen klaarkom met 'n laboratorium in die perdestalle by Oakdene.[155] Voorts is in die eerste jaar van die B.Sc-graad meestal twee byvakke geneem en in die tweede jaar een. Die reëls vir die samestelling van die graad het vanaf die vyftiger- tot in die sewentigerjare byna onveranderd gebly. Hoofvakke vir 'n B.Sc.-graad was in 1951 die volgende: Aardrykskunde, Biologie, Chemie, Dierkunde, Fisika, Fisiologie, Geologie, Higiëne, Plantkunde, Sielkunde, Toegepaste Wiskunde en Wiskunde. Die lys van hoofvakke het geleidelik uitgebrei en later onder meer ook Statistiese Wiskunde (1954), Mikrobiologie (1964), Industriële Chemie (1966), Bodemkunde (1971), Rekenaarwetenskap (1972) en Biochemie (1973) ingesluit. Verder is bepaalde vereistes gestel ten opsigte van die kombinasies van hoofvakke en byvakke wat gemaak kon word.[156]

In 1987 het die PUK en Unisa 'n ooreenkoms aangegaan vir die opleiding van studente van Unisa in die Biologiese



*'n Gradeplegtigheidsgeleentheid gedurende die vyftigerjare (Bron: Me. M. Coetzee)*

Wetenskappe. Hiervolgens het Unisa 'n Departement Lewenswetenskappe gestig, wat by die PUK gehuisves is. Die Departemente Plantkunde, Dierkunde, Fisiologie, Mikrobiologie en Biochemie was by die opleiding betrokke. Basies het die ooreenkoms behels dat studente hulle praktika gedurende die reses in die PUK-laboratoriums gedoen het. Bykomende personeel is op die diensstaat van die PUK benoem en deur Unisa vergoed. Departementshoofde van die PUK het as vakadviseurs opgetree.[157] In 1993 is die ooreenkoms deur die byvoeging van meer vakke uitgebrei.[158]

Ingenieurswese en Farmasie is twee studierigtings wat eers deel van die Fakulteit Natuurwetenskappe gevorm het, maar later as afsonderlike fakulteite "afgestig" het. Weens die verkleining van die Fakulteit het die aantal algemene en beroepsgerigte B.Sc.-grade wat toegeken is, gedaal. Voor- en nagraadse studentegetalle in die Fakulteit Natuurwetenskappe het gedurende die negentigerjare redelik konstant gebly.[159] In 1998 het die 186 B.Sc.-grade slegs 14% van die totale aantal toegekende eerste grade in daardie jaar verteenwoordig.[160] Van regeringskant was daar kommer omdat die getal natuurwetenskapstudente landswyd te klein was in vergelyking met die geesteswetenskapstudente. In die negentigerjare het die Departement van Onderwys en Kultuur (DOK), in oorleg met die Komitee van Universiteitshoofde (KUH), die subsidieformule verander om die Natuurwetenskappe te bevorder.[161]

'n Gespesialiseerde vierjarige B.Sc. Huishoudkunde-graad is reeds vanaf 1944 aangebied.[162] Hoewel dit in 1951 bekend was as B.Sc. (Domesticae), is die ou naam weer vanaf 1958 gebruik.[163] Vakke soos Kookkuns en Kleding is naas, onder meer Fisiologie en Higiëne, vir hierdie graad geneem.[164] Enkele studente het jaarliks in hierdie studierigting afgestudeer.[165]

In die tagtigerjare het hierdie rigting, toe bekend as Huishoudkunde en Dieetkunde, uitgebrei en nuwe spe-



*Die Voeding en Gesinsekologie-gebou (Bron: PUK-Argief {Albums})*

sialiseringsrigtings het bygekom. Wysigings is in die negentigerjare aangebring in die aanbieding van die kursusse vir die B.Sc. Dieetkunde-, die B.Sc. Huishoudkunde- en die B.Sc. Huishoudkunde (Ed.)-grade.[166] Voeding kon as tweejarige hoofvak vir 'n B.Sc.-graad geneem word en nagraadse opleiding in Voeding is tot op Ph.D.-vlak uitgebrei.[167] Die naam van die Departement is na Voeding- en Gesinsekologie verander. Na die akademiese herstrukturering in 1998 het hierdie rigting 'n afsonderlike skool in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe geword.

- **Ander gespesialiseerde rigtings en nagraadse opleiding**

Benewens ingenieurs- en farmasie-opleiding, wat in Afdelings 4.3.7 en 4.3.8 bespreek word, is 'n nuwe driejarige studierigting, naamlik B.Sc.(Econ.) in 1965 gevestig waarin Wiskunde as hoofvak gekombineer is met Ekonomie en Bedryfsekonomie.[168] Enkele studente het hierdie graad in die periode 1968-1977 verwerf.[169]

Die graad B.Sc. (Industriële Chemie) is in 1963 ingestel as 'n vierjarige graad, maar het vanaf 1965 'n eenjarige graad geword wat geneem kon word na die voltooiing van 'n B.Sc.-graad.[170] Die graad B.Sc. (Bodemkunde), wat in 1971 ingestel is, was 'n soortgelyke nagraadse kursus.[171] Betreklik min van hierdie grade is in die periode tot 1977 toegeken.[172]

In 1951 het vier studente 'n Hons-B.Sc. verwerf[173] en teen 1977 het 'n totaal van 41 studente hierdie graad verwerf. Hierdie getal het aan die einde van die rektorstermyn van prof. Tjaart van der Walt in 1987 tot 61 gestyg, en in 1998 tot 98.[174] Wat M.Sc.-grade betref, was daar 'n stygende lyn: van een in 1951 tot 21 in 1977, tot 30 in 1987; daarna 'n afplatting na 15 in 1998[175] en weer 'n hernude groeitendens na 81 teen 2003.[176]

## 4.3.3 Fakulteit Teologie[177]

Die dosente in die Fakulteit Teologie was verantwoordelik vir die aanbieding van die B.A.-vak Bybelstudie (later Bybelkunde),[178] maar het hoofsaaklik nagraadse opleiding verskaf aan studente wat reeds 'n B.A.-graad verwerf het en daarna ingeskryf het vir die vierjarige graad Th.B (Theologiae Baccalaureus). Professore in hierdie Fakulteit was tegelykertyd personeellede van die Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en het predikante vir hierdie kerke opgelei. Vakke wat vir 'n Th.B.-graad geneem moes word, het gedurende die periode tot 1977 feitlik onveranderd gebly.[179] Die getal Th.B-grade wat jaarliks toegeken is, was selde meer as sestien.[180]



***Die Teologiese Skool-gebou***
***(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})***

In 1986 is die studietydperk vir 'n Th.B.-graad na drie jaar verkort om dit in ooreenstemming te bring met die duur van soortgelyke grade aan ander universiteite.[181] 'n Driejarige B.A. (Teologie)-graad is vanaf 1994 ingestel.[182] In 1998 het 11 studente die B.A. (Teologie)-graad verwerf.[183] Een of meer studente het ook jaarliks die meer gevorderde Th.M.-graad behaal.[184]

Van 1965 tot 1976 is 'n tweejarige diploma in Bybelkunde deur die Fakulteit aangebied wat veral gerig was op onderwysers en dosente in Godsdiensonderrig.[185] Die behoefte aan so 'n diploma was waarskynlik nie so groot soos aanvanklik gedink is nie. In 1967 het 12 persone die diploma verwerf, maar daarna het getalle geleidelik gekrimp.[186]

'n Opleidingsooreenkoms tussen die Hammanskraalse Teologiese Skool en die PU vir CHO op 31 Augustus 1987 was meer suksesvol. Vanaf 1988 het studente aan die Hammanskraalse Teologiese Skool vir B.A.- en Th.B.-grade aan die PU vir CHO geregistreer, terwyl hulle steeds aan die Hammanskraalse Teologiese Skool onderrig ontvang het.[187] Kragtens 'n besluit van die Sinode van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika is die Hammanskraalse Teologiese Skool en die HTS se dosente en studente vanaf Januarie 1995 volledig ingeskakel by die Teologiese Skool Potchefstroom.[188]


In 1996 het die Fakulteit Teologie ooreenkomste met sewe teologiese kolleges aangegaan, waarvolgens die graad B.A. (Teologie) via TLS deur middel van afstandsonderrig aangebied kon word.[189] Die dosente wat die kursusse, gebaseer op PUK-studiemateriaal, aangebied het, is deur die PU vir CHO geakkrediteer en die graad is uiteindelik deur die PUK toegeken. 'n Ooreenkoms is in 1997 met die Greenwich School of Theology in Engeland gesluit vir samewerking in die aanbieding van nagraadse teologiese kwalifikasies. Sedertdien het studente uit verskillende wêrelddele hul studie binne hierdie program voltooi.[190]



*Prof. S. J. du Toit*




*Prof. P.J.S. de Klerk*




*Prof. S.P. van der Walt*



*Prof. J.P. Jooste*




*Prof. W.J. Snyman*



*Prof. S.C.W. Duvenage*




*Prof. P.J. Coetzee*



*Prof. J.J. van der Walt*




*Prof. J.C. Coetzee*




*Prof. J.L. Helberg*



*Prof. H.F. van Rooy*



*Prof. F.N. Lion-Cachet*



*Prof. A. le R. du Plooy*


*Al die dekane van die Fakulteit Teologie, 1951-2004 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

## 4.3.4 Fakulteit Opvoedkunde


Met die selfstandigwording van die Universiteit was die Fakulteit Opvoedkunde verantwoordelik vir die opleiding van studente vir 'n eerste graad, naamlik die B.P.Ed.-graad (Baccalaureus Physicae Educationis – 'n graad in Liggaamlike Opvoeding wat in 1947 ingestel is). Na die afskaffing daarvan in 1954 is Liggaamlike Opvoeding as hoofvak vir 'n B.A.- of 'n B.Sc.-graad geneem.[191] Daar is nog voortgegaan met opleiding vir die Hons.B.P.Ed- en M.B.P.Ed.-grade tot in 1965,[192] maar hierdie grade is baie selde toegeken.[193] Die meerderheid studente in die Fakulteit Opvoedkunde het gestudeer vir voorgraadse en nagraadse onderwysdiplomas. Studente wat 'n matrieksertifikaat gehad het, kon inskryf vir die driejarige Universiteits-laerskoolonderwysdiploma (U.L.O.D.) wat opleiding in vakke wat op skole aangebied is, asook opvoedkundige vakke behels het. In 1972 is die naam van die diploma verander na die Nasionale Onderwysdiploma vir die Primêre Skool. 'n Eenjarige hoër diploma is ingestel wat hierdie studente met die oog op verdere spesialisasie kon neem.[194] 'n Verandering in regeringsbeleid waarvolgens opleiding vir hoërskoolonderwysers in die vroeëre Transvaalprovinsie nie meer aan onderwyskolleges sou geskied nie,[195] het dit moontlik gemaak dat 'n vierjarige Hoër Onderwysdiploma vir die opleiding van onderwysers in sekondêre skole ingestel kon word.[196] In 1953 het




*Prof. J.C. Coetzee*




*Prof. H.J.J. Bingle*



*Prof. B.C. Schutte*




*Prof. S. Preller*




*Prof. J.J. de Wet*




*Prof. S.S. Barnard*



*Prof. H.B. Kruger*



*Prof. J.L. van der Walt*



*Prof. H.J. Steyn*

*Die dekane van die Fakulteit Opvoedkunde, 1951-2004 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

vier studente die U.L.O.D. verwerf.[197] 'n Voortdurende styging is aangeteken in die getalle van studente vir die vierjarige diplomas en in 1977 is 112 diplomas toegeken.

Studente wat reeds 'n graad behaal het, is toegelaat tot die eenjarige Universiteitsonderwysdiploma (U.O.D.), wat hoofsaaklik 'n studie van die Opvoedkunde in sy verskillende afdelings behels het.[198] Vanaf 1976 het hierdie diploma bekend gestaan as die Hoër Onderwysdiploma (Nagraads).[199] Die getal studente wat dié nagraadse diploma behaal het, het feitlik jaarliks gestyg: van 22 in 1953 tot 163 in 1977 en 212 in 1987. In die negentigerjare is onderwysersopleiding in Suid-Afrika drasties afgeskaal en in byvoorbeeld 1998 het net 76 studente die H.O.D. (Nagraads) verwerf.[200] Na die voltooiing van die nagraadse diploma kon studente vir nagraadse grade in Opvoedkunde inskryf (B.Ed., M.Ed. en D.Ed.). 'n Groot aantal studente het hierdie grade aan die PUK verwerf. Reeds in 1951 is 15 B.Ed.- en vyf M.Ed.-grade toegeken.[201] Deur die jare het hierdie getalle gegradueerdes redelik gewissel.[202] In byvoorbeeld 1998 is onderskeidelik 119 en sewe grade toegeken.[203] Die aantal studente wat 'n M.Ed.-graad voltooi het ook groei getoon en teen 2003 op 18 gestaan.[204]

Soos met verskeie ander studierigtings het onderwysersopleiding in die sewentigerjare 'n groeifase beleef, maar vanaf die tagtigerjare sodanig begin afneem dat rasionalisering onafwendbaar geword het. Ten einde groter lewensvatbaarheid van die opleidingsinhoud te verseker, is verskillende nuwe onderwysdiplomas vanaf laat in die tagtigerjare ingestel; onder meer twee tweejarige deeltydse onderwysdiplomas, naamlik die H.O.D. Technika en die H.O.D. (Nagraads) gerig op die primêre skool, asook 'n deeltydse vyfjarige H.O.D. (Sekondêr) en die Verdere Diploma in Onderwys met spesialisering in Onderwysbestuur.[205] Die herstrukturering van die B.Ed.-graad in 1991[206] het tot 'n rekordinskrywing van B.-Ed.-studente in 1992 gelei.[207] Om in die behoeftes van ondergekwalifiseerde swart onderwysers te voorsien, is 'n vierjarige na-uurse H.O.D. (Sekondêr) met Engels as voertaal en 'n eenjarige H.O.D. (Sekondêr) vir die opgradering van onderwyserskwalifikasies ingestel.[208] Ook is die B.Prim.Ed.-graad in 1995 heringestel.[209]

Departemente in die Fakulteit Opvoedkunde is reeds vanaf 1985 geherorganiseer.[210] Vanaf 1994 is die bestaande akademiese departemente in die Fakulteit opgeneem in drie skole, naamlik die Nagraadse Skool vir Opvoedkunde,



*Die U.O.D.-studente van 1964: voor v.l.n.r. A. du Plessis, P. Koole, H. Henning, prof. J. Chr. Coetzee, G. du Plessis, prof. B.C. Schutte, K. Jordaan, prof. J.J. Snyman, A. Smuts, A. Venter, H.J. Coetzee, P.S. van der Walt Tweede ry: M. van der Walt, E. van Deemter, B. Bingle, G. Pieterse, R.S. Fourie, I. Schlebusch, M. Filmalter, A. Bosman, J. Vorster, S. Davel, K. Coetzee, M. Lessing, O. Mallo, H. Lessing Derde ry: P. Steyn, N. Steyn, W. Catzman, A. Venter, B. Jacobs, J. Lubbe, P. du Plessis, J. Bezuidenhoudt, E. Enslin, H. Eksteen, A. Botha, J. Maat, H. Steyn Agter: H. Joubert, M.J. Viljoen, W.D. Jonker, G.D. van Schalkwyk, J.F. Horn, S. Nel, K. du Toit, D. Schoeman, L. Schutte, J. Kruger. (Bron: PUK-Argief)*




*Die Onderwyskollege Potchefstroom - Hoofgebou (Bron: PUK-Argief {POK-versameling})*

die Skool vir Onderwysersopleiding en die Skool vir Nie-Formele Onderwysprogramme.[211]


Sedert 1978 het 'n jarelange samewerkingsooreenkoms tussen die Fakulteit Opvoedkunde en die Onderwyskollege Potchefstroom (later die Potchefstroomse Onderwyserskollege) in onderwysersopleiding vir preprimêre onderwysstudente bestaan.[212]

By die PUK het Verkeersveiligheidsopvoedkunde 'n spesialiseringsrigting geword. In die vroeë negentigerjare is 'n kursuseenheid in Verkeersveiligheidsopvoedkunde vir die B.Ed.-graadkursus ingestel, 'n Hoër Onderwysdiploma (Nagraads) in Verkeersveiligheidsopvoedkunde en 'n Diploma in Verkeersveiligheidsopvoedkunde.[213] Die Afdeling Verkeersveiligheidsopvoeding het selfstandig geword en bekendgestaan as die Sentrum vir Verkeersveiligheidsopvoeding (SENVO).[214] In 1997 is 'n M.Ed.- en Ph.D.-graadkursus in Verkeersveiligheidsopvoedkunde ingestel.[215]

### 4.3.5 Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe

In 1951 het die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe 22 studente gehad en in 1977 het 173 studente al die B.Com.-graad verwerf.[216] Die verhouding tussen die aantal B.A.-, B.Sc.- en B.Com.-studente het in die eerste drie dekades na 1951 taamlik konstant gebly.[217] In die vyftigerjare moes studente vir die B.Com.-graad uit vyf hoofrigtings kies: Ekonomie, Rekeningkunde, Statistiese Wiskunde, Sielkunde en Regte. In al die rigtings moes begin word met vyf of ses vakke (vanaf 1973 deurgaans net vyf), waarvan meesal drie voortgesit is tot in die derde jaar. Die vernaamste vakke waaruit die kurrikulum saamgestel kon word, was Bedryfsekonomie, Ekonomie, Ekonomiese Geskiedenis, Handel, Geld- en Bankwese, Handelsreg, Kosteberekening (later genoem Bedryfsrekeningkunde), Ouditkunde, Rekeningkunde, Romeins-Hollandse Reg, Sielkunde en Statistiese Wiskunde.[218] Bedryfsekonomie het in 1968 en Bedryfsrekeningkunde in 1973 as hoofrigtings bygekom.[219]

Van die vernaamste vakke wat later formeel ingestel is, is Bedryf- en Personeelsielkunde (1963), Bedryfsosiologie (1964) en Wiskundige Ekonomie (1972).[220] In die tagtiger- en negentigerjare het die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe, soos soortgelyke fakulteite by ander universiteite, sterk groei beleef. In 1998 is 302 B.Com.- en 25 B.B.A.-grade toegeken, gesamentlik 25% van alle eerste grade.[221] Ondanks die bestendige groei van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe toe ander fakulteite in die tagtigerjare swaargekry het, is sekere programme uitgefaseer. Opleiding in byvoorbeeld Landbou-ekonomie is in die lig van die groot koste-implikasies en min studente vanaf 1988 getermineer.[222] Die sillabusse vir die B.Com. met Rekeningkunde as hoofrigting is opgestel in oorleg met die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad en studente in hierdie rigting is opgelei om uiteindelik geregistreerde rekenmeesters te kan word.[223] Die naam van die B.Rek.-graad is vanaf 1991 gewysig na B.Com.-Rekenmeesterskap.[224] 'n Rekenmeesterskool het ook binne die Fakulteit tot stand gekom.[225] Verdere professionalisering is moontlik gemaak toe kurrikula van die Departement Bedryf- en Personeelsielkunde in 1991 deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Personeelpraktyk geakkrediteer is. Hierdie akkreditering het beteken dat studente wat hulle geakkrediteerde program voltooi het, outomaties vir professionele registrasie aanvaarbaar sou wees.[226] Voorts is 'n kursus in Bedryfsetiek in 1988 binne die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe ingestel ter vervanging van Wetenskapsleer en Ekonomiese Wetenskappe-den-



*Die gebou van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*



*Prof. J. van der Merwe*




*Prof. B. Van Deventer*



*Prof. L.J. du Plessis*




*Prof. D.J. Viljoen*



*Prof. D.P. Erasmus*



*Prof. N.J. Swart*



*Prof. J.J.D. Havenga*



*Prof. G.J. de Klerk*

***Die dekane van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe 1951-2004***
***(Bron: PUK-Argief {Foto van L.J. du Plessis uit die Du Plessis-privaatver-sameling})***

ke.[227] Bedryfsetiek is ook op nagraadse vlak aangebied.[228] 'n Belangrike ontwikkeling in die middel van die negentigerjare was die instelling van 'n baccalaureusgraad in Bedryfsadministrasie (B.B.A.). Die besluit om hierdie graad telematies aan te bied het 'n groot rol gespeel in die totstandkoming van Telematiese Leersisteme (TLS), wat later breedvoeriger bespreek word.[229]

Nagraadse opleiding is verskaf in die verskillende vakrigtings vir die Hons.B.Com.- en M.Com.-grade. In 1959 het die Fakulteitsraad Ekonomiese Wetenskappe besluit om die graad M.B.A. (Magister in Bedryfsadministrasie) in te stel vir studente wat reeds 'n graad in enige rigting verwerf het en ten minste twee jaar ervaring in die bedryfslewe opgedoen het.[230] Uit die Fakulteitsraadstukke blyk dit dat almal nie ewe tevrede was met hierdie verwikkeling nie. Dit het daartoe bygedra dat die Fakulteitsraad in 1962 die besluit herroep het en besluit het om eerder 'n nagraadse diploma in Bedryfsadministrasie in te stel.[231] In 1965 is tog daartoe oorgegaan om 'n honneurs- en 'n meestersgraad in Bedryfsadministrasie aan te bied. Die honneurskursus wat slegs na-uurs en oor twee jaar aangebied is, het vraestelle in verskillende ekonomiese vakke behels. Vir die meestersgraad moes verdere vraestelle afgelê en 'n skripsie geskryf word.[232] Vanaf 1997 is die M.B.A. telematies aangebied.[233]

In 1951 het ses studente in die Fakulteit nagraadse kwalifikasies verwerf. Hierdie syfer het in 1977 gestyg tot 100, feitlik gelykop verdeel in algemene grade in die Ekonomiese Wetenskappe (Hons.B.Com., M.Com., D.Com.) en grade in Bedryfsadministrasie.[234] In 1987 het 136 studente nagraadse kwalifikasies in hierdie Fakulteit behaal, en in 1998 het dit tot 162 gestyg.[235] Teen 2003 het 23 en 15 studente in onderskeidelik die M.Com- en Ph.D.Ekon.-grade verwerf.

## 4.3.6 Fakulteit Regte

In die vroeë vyftigerjare reeds is gepoog om 'n regsfakulteit tot stand te bring. Hierdie ideaal is eers in 1966 verwesenlik.[236] Regsvakke is aanvanklik binne die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied. Kort na selfstandigwording is begin met opleiding vir die LL.B.-graad en aan die einde van 1954 het die eerste twee studente, J.A. Coetzee en S. Postma, hul opleiding vir hierdie graad voltooi. Regstudente moes eers 'n B.A.- of 'n B.Com.-graad neem, waarna drie jaar van studie vir die LL.B. gevolg het. Deur regsvakke by die eerste grade in te sluit, kon die LL.B. binne twee jaar afgehandel word.[237] Voorgraadse regsgrade is ook na fakulteitstigting ingestel, naamlik die B.Juris, B.Civ.Juris, B.Juris et Art. en B.Juris et Com. Nadat hierdie driejarige grade voltooi is, kon die LL.B. dan in twee jaar voltooi word, behalwe in die geval van B.Jur., waarna drie jaar van studie nodig was. Dit was ook moontlik om sonder 'n voorafgaande graad met die LL.B. te begin, waarvoor dan minstens vyf jaar lank gestudeer moes word.[238]

Die Fakulteit was waarskynlik te ambisieus met die instelling van soveel nuwe grade, want reeds in 1970 is drie van die grade afgeskaf met die B.Juris as die enigste eerste graad in die Fakulteit, hoewel dit nog saam met lettere- of ekonomiese vakke geneem kon word.[239] In 1972 is 'n nuwe vierjarige eerste graad, B.Proc., ingestel. Hierdie graad het, soos die naam aandui, toelating gegee tot die prokureursberoep.[240] Die aantal studente wat die onderskeie grade verwerf het, was nooit meer as 55 nie.[241] Hoewel nie op dieselfde skaal as Lettere en Wysbegeerte en Natuurwetenskappe nie, is die Fakulteit Regte ook sedert laat in die tagtigerjare deur rasionalisering getref. Die na-uurse LL.B. is gestaak weens beperkte belangstelling.[242] Die vak Inheemse Reg is van die Departement Privaatreg oorgeplaas na die Departement Romeinse Reg en die naam van hierdie Departement is verander na Departement Romeinse Reg en Regspluralisme.[243] Die Departemente Strafreg en Proses- en Bewysreg is gekonsolideer in een departement, genaamd die Departement Regstoepassing.[244]


In die negentigerjare is in konsultasie met die regsberoep en in ooreenstemming met ander universiteite, 'n vierjarige LL.B.-graad as die enigste eerste regsgraad ingestel. Alle eerstejaarregstudente moes vanaf 1998 vir hierdie graad inskryf en alle B.Juris- en B.Proc.-studente is aangemoedig om na die nuwe graad oor te skakel. Na die voltooiing van 'n eerste B.-graad het die LL.B.-graad as nagraadse B.-graad verval en die vierjarige LL.B.-graad het toelating gegee tot 'n LL.M.-graad. Studente wat wel die B.Proc.-graad afgehandel het, kon die LL.B.-graad in een jaar voltooi.[245] Nagraadse regsopleiding het uitgebrei deur die ontwikkeling van spesialiseringsrigtings vir die LL.M.-graad. So byvoorbeeld is 'n LL.M.-graad in Boedelreg in die middel van die tagtigerjare ingestel.[246] Diplomakursusse is ook ingestel. 'n Nagraadse Diploma in In- en Uitvoerreg is laat in die negentigerjare ingestel. Daardeur is vir studente wat die vraestelle vir die LL.M. voltooi het, maar nie die vereiste skripsie binne die voorgeskrewe tydperk afhandel nie, 'n uittreepunt geskep deur die diploma aan hulle toe te ken. Studente wat nie oor 'n LL.B.-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik nie, kon ook toelating tot diplomastudie verkry deur sekere voorgeskrewe vraestelle te voltooi. Die Nagraadse Diploma is ook deur middel van die telematiese leersisteem aangebied.[247]



***Die gebou waarin Fakulteit Regte (gestig 1966) teen 2004 nog gehuisves is (die foto is in die dertigerjare geneem) (Bron: Me. M. Coetzee)***



*Prof. H.L. Swanepoel*




*Prof. J.D. van der Vyver*



*Prof. H.N. Pretorius*




*Prof. W.E. Scott*



*Prof. C.R. de Beer*



*Prof. I. Vorster*



*Prof. F. Venter*

***Die dekane van die Fakulteit Regte, 1966-2004  (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})***

### 4.3.7 Fakulteit Ingenieurswese

Moontlikhede vir die instelling van 'n ingenieursfakulteit het reeds in die vyftigerjare 'n aanvang geneem, maar was nie dadelik suksesvol nie. In die lig van die Schumann-verslag in 1967 wou die regering geen nuwe ingenieursfakulteite naas die bestaande ses toelaat nie. Universiteite is wel die vryheid gegun om kursusse in Ingenieurswese binne hul fakulteit vir natuurwetenskappe aan te bied.

In 1974 het die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs die PUK se B.Sc.-grade in Elektrotegniek en Industriële Chemie erken met die oog op die registrasie van professionele ingenieurs.[248] Studente het in 1975 vir die eerste keer ingeskryf vir die B.Sc. (Elektrotegniek), 'n vierjarige graad wat die voorloper was van die graadkursus in elektriese ingenieurswese.[249] Met fondse uit 'n private stigting is 'n leerstoel in Elektrotegniek ingestel. In 1975 is die kursus in Industriële Chemie vervang met 'n vierjarige graad, B.Sc. (Ingenieurschemie).[250] Die eerste nege ingenieurs het in 1978 hul grade in Elektrotegniek behaal.

Teen 1978 was sowat 160 voorgraadse studente in Ingenieurswese by die PUK geregistreer, waarvan 26 Yskorbeurshouers was. Weens die kritieke tekort aan opgeleide ingenieurs en die belowende beroepsgeleenthede was daar groot belangstelling. Daar is bereken dat die getal ingenieurstudente aan die PUK kan verdubbel. Derhalwe is die staat opnuut deur die PUK-raad versoek om die instelling van 'n volwaardige Fakulteit Ingenieurswese aan die PU vir CHO te heroorweeg.[251]

Die versoek was suksesvol en die Fakulteit Ingenieurswese het in 1981 tot stand gekom en reeds in die daaropvolgende jaar begin funksioneer. Opleiding is aangebied in Chemiese Ingenieurswese, Meganiese Ingenieurswese, Metallurgiese Ingenieurswese en Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese.[252] In 1985 het 31 studente die B.Ing.-graad ontvang [253] en in 1998 het die aantal gegradueerdes meer as verdubbel tot 72.[254] Gewoonlik is 'n paar M.Ing.- en D.Ing.-grade elke jaar toegeken. Binne die eerste dekade van die bestaan van die Fakulteit is 224 B.Ing.-, 29 M.Ing.- en agt D.Ing.-grade toegeken.[255]



*Die dekane van die Fakulteit Ingenieurswese, 1982-2004: v.l.n.r. Proff. R.C. Everson, G.P. Greyvenstein, J.I.J. Fick (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

Sekere studierigtings, waarvoor nie genoeg belangstelling getoon is nie, is mettertyd uitgefaseer. So byvoorbeeld is die aanbieding van kursusse in Siviele, Landbou- en Mynbou-ingenieurswese op tweedejaarsvlak vanaf 1987 gestaak[256] en die kursus in Bedryfsingenieurswese vanaf 1989.[257] Die Raad het in 1981 aanvanklik besluit om die Fakulteit Ingenieurswese op die Vaaldriehoekkampus te vestig, omdat dié kampus in 'n nywerheidsgebied geleë was. Opleiding tydens die eerste twee studiejare het op albei kampusse geskied. Ter wille van koste-effektiwiteit, die doeltreffende benutting van die infrastruktuur en beter interaksie met die Fakulteit Natuurwetenskappe is die aanvanklike besluit in 1990, midde in die breër rasionaliseringsproses, deur die Raad omgekeer. Vanaf 1992 is die Fakulteit Ingenieurswese in sy geheel na die Potchefstroomkampus verskuif.[258]



*Die Ingenieurswese-gebou, PUK-kampus (Bron: Lugfoto, A. Geldenhuis, Nov. 2004)*



*Die eerste vergadering van die Fakulteitsraad van Ingenieurswese, 1983: agter, v.l.n.r. Proff. W.J. Taute, B.J. van Staden, C.P. Bodenstein, R. Everson, Dr. Coert du Toit, J. de Klerk, F. Barnard Voor: Proff. P.H. Stoker, J.S. du Plessis, E.J. Smit (Bron: PUK-Argief)*

## 4.3.8 Fakulteit Farmasie

Farmasie-opleiding is een van dié rigtings waarvoor die PUK deur die jare bekendheid in Suid-Afrika verwerf het. Farmasie was aanvanklik 'n studierigting binne die Fakulteit Natuurwetenskappe, maar dit het later as 'n afsonderlike fakulteit ontwikkel. Pogings is reeds in die veertigerjare aangewend om 'n B.Sc-graad in Farmasie in te stel.[259] Hierdie driejarige graad (met 'n vereiste twee jaar praktiese leerlingskap voor die tweede en derde studiejaar) het na onderhandelinge met die Suid-Afrikaanse Aptekerskommmissie in 1956 'n werklikheid geword.[260] Die inhoud van die kursusse is in oorleg met die Aptekerskommissie bepaal.[261] Vanaf 1971 was dit 'n vierjarige graad wat voltooi kon word voordat die kwekelingskap begin is. Aan die einde van die kwekelingskap was dit moontlik om as apteker by die Aptekerskommissie te registreer.[262]

Die eerste twee Farmasiestudente, H.C. du Preez en A.M. Veltman, het hul graad in 1959 verwerf.[263] Hierdie syfer het reeds in die volgende jaar na 16 gestyg, in 1962 na 23, in 1968 na 38, in 1971 na 74 en in 1973 na 139, wat meer was as die getal studente wat die algemene B.Sc.-graad voltooi het.[264] Daarna het die getalle gedaal tot 74 in 1977.[265] In 1977 is die naam van die graad verander na B.Pharm.[266] In 1983 het die afsonderlike Fakulteit Farmasie tot stand gekom na 'n suksesvolle aansoek by die Departement van Nasionale Opvoeding.[267]


Aanvanklik het die Fakulteit bestaan uit drie departemente: Farmaseutika, Farmaseutiese Chemie en Farmakologie, met altesaam 13 dosente. Hierdie drie vakrigtings was die drie hoofvakke vir die vierjarige B.Pharm.-graad. Vakke soos Biochemie, Dierkunde, Farmasiepraktyk (voorheen Farmasie-administrasie), Fisika, Fisiologie, Mikrobiologie, Patologie, Plantkunde, Statistiek en Wiskunde het ook deel gevorm van die kurrikulum.[268] Die Fakulteit Farmasie se eerste belofteplegtigheid is in 1991 gehou.[269]

Ondanks die mooi geleenthede en mylpale in die ontwikkeling van uitnemendheid in die Fakulteit het kommer bestaan oor studentegetalle en die hoë uitsaksyfer van Farmasiestudente. Reeds in 1985 is 'n skrywe aan die Suid-Afrikaanse Aptekersraad gerig waarin vir 'n indringende ondersoek gevra is na die toenmalige en toekomstige mannekragbehoeftes van die aptekersprofessie. Op grond van hierdie inligting sou opleidingsinrigtings in staat gestel word om sinvolle beplanning te doen.[270] 'n Verslag van die Onderrigkomitee van die Fakulteit Farmasie oor die relatief hoë uitsaksyfer onder Farmasiestudente, ondanks goeie matriekprestasie, is in 1990 deur die Senaat behandel en na die BUO verwys vir verdere ondersoek.[271] Beroepsonsekerheid in die aptekersbedryf en die instelling van voorgraadse farmasie-opleiding by die Universiteit van Pretoria is beskou as sommige van die vernaamste redes vir die daling in die aantal Farmasiestudente aan die PUK.[272] 'n Strategie vir 'n verskerpte studentewerwingsaksie in die Fakulteit is in 1990 geloods.[273]


'n Gesonder toedrag van sake, wat studentegetalle betref, was egter nie net aan die werwingsaksie te danke nie. In 1991 het die regering, op aanbeveling van die Adviesraad vir Universiteite en Technikons, die aantal opleidingsfasiliteite vir farmasie in die land van 11 na sewe verminder. Die PUK se Fakulteit Farmasie is uitgesonder as die farmasie-opleidingsentrum met die sterkste akademiese beeld in die land. Na hierdie vermindering van opleidingsfasiliteite was die PUK die enigste instansie wat farmasie-opleiding



*Studente bedrywig in die laboratorium van die Fakulteit Farmasie (Bron: Fakulteit Farmasie)*



*Die eerste twee Farmasiestudente, H.C. du Preez en A.M. Veltman, wat graad in 1959 verwerf het (Bron: Johann du Toit)*





*Die dekane van die Fakulteit Farmasie, 1983-2004: heelbo Prof. A.P. Goossens en bo Prof. H.A. (Boeta) Koeleman (Bron: PUK-Argief)*

in Afrikaans aangebied het.[274] Studentegetalle het weer begin styg en in 1998 is 187 B.Pharm.-grade toegeken.[275] Wat nagraadse opleiding betref, het die Fakulteit Farmasie diploma- en graadkursusse aangebied. In 1988 is die naam van die Universiteitsdiploma in Farmasie gewysig na Nagraadse Diploma in Farmakologie.[276] In dieselfde jaar is die kurrikula vir die M.Pharm.-graad in Hospitaalfarmasie, in Gemeenskapsfarmasie en in Industriële Farmasie, waar hoofsaaklik kursuswerk vereis is, goedgekeur.[277] Honneurskursusse in hierdie drie rigtings is uitgefaseer, maar in 1995 heringestel as uittreepunt vir studente wat nie die M.Pharm.-graad kon voltooi nie.[278]

## 4.4 Akademiese herstrukturering sedert 1990

In die rektorstermyn van prof. Reinecke het drastiese veranderings by die PU vir CHO plaasgevind, soos ook by ander Suid-Afrikaanse universiteite in daardie tydperk. Dit was die gevolg van toenemende finansiële druk weens die inkorting van staatsubsidie aan universiteite, sowel as van die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in die land.

Weens die finansiële druk op universiteite het die Universiteitsbestuur reeds in die middel van die tagtigerjare 'n proses van strategiese beplanning geïnisieer. Vanaf 1986 is strategiese medium- en langtermynplanne aan die Raad voorgelê wat die omvattende en indringende hersiening van akademiese programme ingesluit het.[279]



*Die grootste groep B.Pharm-studente tydens die 1998-gradeplegtigheid (Bron: Maclez Studios)*

Met die oog op die besnoeiing van uitgawes om die begroting te laat klop, is 'n rasionaliseringsproses van akademiese programme laat in die tagtiger- en vroeg in die negentigerjare volvoer. Die hersiening van akademiese programme het saamgehang met die behoefte aan groter koste-effektiwiteit en was eintlik op personeelvermindering gemik.[280] As deel van die rasionaliseringsproses is sekere studierigtings uitgefaseer. Een van die oogmerke wat nagestreef is, was om oorvleueling uit te skakel en die totale aanbod van kursuseenhede te verminder. Die getal akademiese departemente op die twee PUK-kampusse is van 96 tot 67 verminder, die aantal voorgraadse kursusse is met 24% verminder en die aantal nagraadse kursusse met 63%.[281]

Rasionalisering het die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte die swaarste getref en tot die uitfasering van verskeie departemente gelei, onder meer Beeldende Kunste, Kunsgeskiedenis, Spraak en Toneel en Kriminologie. Ander departemente wat saamgesmelt het, is die volgende: Internasionale Politiek, Staatsleer, Ontwikkelingsadministrasie en Publieke Administrasie is saamgevoeg in in een departement, naamlik Politieke Wetenskappe. Algemene Taal- en Literatuurwetenskap, Duits en Frans weer het saamgesmelt in die Departement Algemene Taal- en Literatuurwetenskap. Die Departemente Europese Tale, Grieks, Latyn en Semitiese Tale sou voortaan gesamentlik bekendstaan as die Departement Klassieke en Semitistiek.

In die Natuurwetenskappe het rasionalisering gelei tot die uitfasering van sekere departemente (byvoorbeeld Geologie en Anatomie), die inskakeling van departemente by ander (Mikrobiologie by Biochemie) sowel as die saamvoeging van departemente (Bodemkunde en Plantwetenskappe in een Departement Plant- en Bodemwetenskappe). By die ander fakulteite was rasionalisering minder drasties en kon besparingsmikpunte bereik word sonder om departemente te sluit.[282]

Hierdie proses van rasionalisering was nouliks afgehandel toe die oorgang na 'n nuwe politieke bedeling in 1994 in die land plaasgevind het. 'n Verdere proses van akademiese herstrukturering is by die PUK deurgevoer as deel van die nasionale proses van transformasie in die nuwe bestel. 'n Nuwe hoëronderwysbeleid is ontwikkel en het statutêre beslag gekry in nuwe wette. Veral die Wet op die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-Owerheid, Wet no. 58 van 1995[283] en die Wet op Hoër Onderwys, Wet no. 101 van 1997[284] was op die universiteitswese van toepassing. Hierdie wetgewing was gerig op program- en uitkomsgebaseerde onderrig tot op tersiêre vlak. Alle Suid-Afrikaanse universiteite, insluitende die Potchefstroomse Universiteit, moes hulleself herposisioneer binne die nuwe regeringsbeleid. Aanpassings aan sowel akademiese strukture as studierigtings het hieruit voortgevloei.

Strategiese beplanning, wat reeds tydens die rasionaliseringsproses op dreef gekom het, is aangewend vir verdere akademiese herstrukturering binne die nuwe politieke en onderwysbedeling. In 1996 is die herstrukturering van akademiese programme as 'n taktiese prioriteit geïdentifiseer en aan 'n taakgroep opgedra.[285] Die proses het hand aan hand gegaan met die bepaling van besparingsmikpunte vir fakulteite. In 1997 is die voorstelle van die Strategiese Beplanningsgroep deur die UK (Personeel en Navorsing), die Senaat en die Raad behandel.[286] In 1998 is die finale weergawe daarvan deur die fakulteitsrade, Senaat en Raad goedgekeur.[287] As uitvloeisel hiervan het fundamentele herstrukturering op onderriggebied by die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampusse plaasgevind wat die volgende aspekte ingesluit het:

- Akademiese departemente, nou bekend as vakgroepe, is binne skole geplaas. Sewentig vakgroepe is in 34 skole binne nege fakulteite georganiseer.[288] Skole aan die PU vir CHO het in Januarie 1999 amptelik begin funksioneer.
- Aan einde van September 1998 het die pos van departementshoof verval as akademiese bestuurspos met 'n lynfunksie na die dekaan. Teoreties is vakvoorsitters, in die meeste gevalle die voormalige departementshoofde, beperk tot vakkundige leiding binne hulle akademiese dissipline. In die praktyk het hulle voorlopig nog die meeste van die vorige funksies van departementshoofde vervul.
- Die nuwe poste van skooldirekteur en navorsingsdirekteur is ingestel. Nadat beleidsriglyne vir hul aanstelling neergelê, hul posbeskrywing opgestel en lynbestuursverantwoordelikhede bepaal is, is die direkteure van die onderskeie skole in September 1998 deur die Raad benoem en het hulle op 1 Oktober 1998 diens aanvaar.[289]
- Sowel die Senaat as sekere fakulteitsrade is geherstruktureer en verklein.[290]
- Kragtens die gewysigde Statuut van die Universiteit was daar voortaan drie uitvoerende komitees van die Senaat, onderskeidelik vir akademiese, personeel- en navorsingsaangeleenthede. Direkteure van skole en navorsingsfokusareas en studenteraadsvoorsitters het sitting verkry op die betrokke UK waarby hulle belang gehad het.[291]

Deur akademiese herstrukturering is die struktuur van fakulteite wesenlik verander. Die vernaamste veranderings was die volgende:[292]


- Lettere en Wysbegeerte: 'n Aantal vakgroepe is by ander fakulteite ingedeel, naamlik Grieks en Semitiese Tale (Fakulteit Teologie), Toerisme (Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe), Stads- en Streeksbeplanning, Geografie en Omgewingstudies (Fakulteit Natuurwetenskappe) en Verpleegkunde,

Menslike Bewegingskunde, Rekreasiekunde, Psigologie en Maatskaplike Werk (Fakulteit Gesondheidswetenskappe). Weens die verlies van veral Verpleegkunde en Psigologie, wat voorheen die twee departemente met die meeste studente in die Fakulteit was, is die Fakulteit drasties verklein.

- Natuurwetenskappe: Sekere vakgroepe (Geografie, Stads- en Streeksbeplanning) het na die Fakulteit oorgeskuif en ander (Voedingkunde en Gesinsekologie) het weer na ander fakulteite uitgeskuif.
- Teologie: Die vakgroepe Semitiese Tale en Grieks is in die Fakulteit geakkommodeer.
- Opvoedkunde: Die status quo ten opsigte van die drie bestaande skole is voorlopig behou in die lig van die ondersoek na onderwysersopleiding en die onseker posisie van die POK.
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: Die Sentrums vir Rekeningkundige Wetenskappe, Ekonomie, Geld- en Bankwese en Menslike Hulpbronbestuur en -Ontwikkeling is voortaan Skole genoem. Wat voorheen in die Fakulteit as skole bekendgestaan het, is hierna programme genoem.
- Regte: Die Fakulteit het as 'n relatief klein fakulteit – anders as die ander fakulteite – gefunksioneer as 'n enkele skool met verskillende programme; naamlik 'n onderrigprogram, 'n navorsingsprogram, 'n professionele diensteprogram en die Sentrum vir Gemeenskapsreg en Ontwikkeling.
- *Ingenieurswese*: Die Fakulteit se verdeling in drie skole, soos dit reeds bestaan het, is gehandhaaf.
- *Farmasie:* Die Fakulteit is as die Skool vir Farmasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe opgeneem.

In ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) se klem op die ontginning van nisgebiede deur tersiêre akademiese instellings, is nuwe spesialiseringsrigtings in sekere fakulteite gevolg. In die Fakulteit Letttere en Wysbegeerte is opleiding in Grafiese Ontwerp uitgebou en kon studente inskryf vir die graad B.A. (Grafiese Ontwerp) of Grafiese Ontwerp kies as spesialiteitsrigting in die bestaande BBK.-graad.[293]

In 2002 het soveel as 181 studente vir hierdie twee programme geregistreer.[294] 'n Driejarige Universiteitsdiploma in Regstolking is ook ingestel om te voorsien in 'n behoefte om persone wat by hofprosedures betrokke is, die nodige akademiese opleiding te verskaf.[295] In die Skool vir Sosiale en Owerheidstudies is honneurs- en meestersprogramme in Openbare Regering (HPG en MPG) ontwerp met die oog op die opleiding van middel- en hoërvlakbestuurders in die openbare sektor.[296] Teen 2003 nog het hierdie nagraadse programme groot aftrek gekry. 'n Gespesialiseerde rigting wat in die negentigerjare sterk groei getoon het, was Omgewingswetenskappe. Nuwe



*Afdeling Grafiese Dienste van die Departement Akademiese Steundienste*
*Ver agter: Me. Elsabé de Klerk agter: Me. Susan van Biljon; links: Me. Santie Jansen; voor: Me. Alta Enslin*
*(Bron: Fotografiese Dienste)*

programme op honneurs- en magistervlak is ingestel onder meer in Geografie met spesialisering in omgewingsanalise en -bestuur. Die naam van die Departement Geografie is gewysig na Departement Geografie en Omgewingstudie.[297] Nagraadse opleiding in Omgewingsbestuur het 'n groeipunt in die Fakulteit Natuurwetenskappe geword.

In die Fakulteit Teologie is die B.A. (Teologie)-graad in 2001 met 'n B.Th.-graad vervang. Die aantal kolleges waarmee die Fakulteit ooreenkomste gesluit het om hierdie graad deur middel van afstandsonderrig aan te bied, het tot 14 gestyg. Buiten met Suid-Afrikaanse kolleges, is ooreenkomste met instansies in Nieu-Seeland, Engeland, Mosambiek, Oeganda en Namibië aangegaan.[298]

Onderwysersopleiding in die Fakulteit Opvoedkunde het na die oorgang tot 'n nuwe politieke bedeling in 1994 drastiese veranderings ondergaan. Die integreringsproses van al die voormalige departemente van onderwys in een nasionale en nege provinsiale onderwysdepartemente het uiteraard nuwe eise aan onderwysersopleiding gestel. Die hele kwalifikasiestruktuur vir onderwysersopleiding het verander.

Verder is die Potchefstroomse Onderwyserskollege (POK) in 2001 by die Fakulteit Opvoedkunde geïnkorporeer. Daarna het dit bekendgestaan as die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, bestaande uit 'n Nagraadse Skool vir





*Fig. 4.5: Die studentetal van die Fakulteit Opvoedkunde, 2004*[1]

Opvoeding, die Potchefstroomse Onderwyserskollege, 'n Skool vir Opvoedkundige Opleiding en Ontwikkeling en 'n Onderwysersentrum.[299] Naas die vierjarige B.Ed. as basiese onderwysgraad met verskillende spesialiseringsrigtings is die volgende diplomakursusse aangebied: 'n tweejarige Onderwysdiploma (OD) as brugkursus vir toelating tot B.Ed., 'n Gevorderde Onderwys-sertifikaat (GOS) wat op 'n driejarige onderwysdiploma volg en 'n Nagraadse Onderwyssertifikaat (NGOS) wat op 'n driejarige graad met onderwysvakke volg en die ou HOD (Nagraads) vervang.[300]

In samewerking met COLSA, wat later die Open Learning Group (OLG) geword het, het die Fakulteit Opvoedkunde toenemend die terrein van afstandsonderrig betree om te voorsien in onderwysers se behoefte om hulle kwalifikasies te verbeter. Onder meer is 'n brugkursus deur middel van afstandsonderrig aangebied om aan studente toegang tot B.Ed.-studie te verleen.[301] Ook grotendeels te danke aan die afstandsonderrigprogramme, het die studentetal van die Fakulteit teen 2004 'n aansienlike groei getoon (kyk Fig. 4.5):

Die drastiese akademiese herstrukturering van 1998 was nog nie die einde van die veranderings wat van buite op die Universiteit afgedwing is nie, maar waarvan sommige beslis ten goede was. Sedert 1999 het prof. Kader Asmal, toe Minister van Onderwys tot April 2004, die fisiese herstrukturering van die tersiêre onderwyssektor met mening begin deurvoer. 'n Taakspan van die Raad op Hoër Onderwys is benoem om voorstelle oor institusionele herstrukturering te maak wat uiteindelik uitgeloop het op spesifieke voorstelle oor die samesmelting van sekere instellings.[303] Asmal het in 2002 aanbeveel dat die PU vir CHO en die Universiteit van die Noordweste saamsmelt in 'n enkele multikampusinstelling, waarin die Noordweskampus meer in die rigting van technikonprogramme beweeg, die Vaaldriehoekkampus bly voortbestaan, telematiese onderrig kragtens die regeringsbeleid hieroor gereguleer word, die verpleegsters- en landboukolleges van die provinsie by die nuwe instelling geïntegreer word en die personeel en studente van die Sebokengkampus van die Universiteit Vista geïnkorporeer word.[304] Die onderhandelingsproses oor die beoogde samesmelting het in Januarie 2004 gerealiseer.[305]

## 4.5 Die onderrigstelsel

### 4.5.1 Medium van onderrig[306]

Die PUK was sedert selfstandigwording in 1951 tot 2003 steeds 'n Afrikaanse universiteit met Afrikaans as primêre onderrigmedium. Die gebruik van Afrikaans as onderrigmedium het om meer gegaan as net die voorsiening van tersiêre onderwys aan veral Afrikaanse studente in hul moedertaal, of die vestiging van Afrikaans as wetenskapstaal. In die periode van Afrikanernasionale mobilisasie voor 1948 en ook tydens die Nasionale Partybewind vanaf 1948 het Afrikaanse universiteite 'n breër taak as net wetenskapsbeoefening vervul. Hulle is in die Afrikanersamelewing gesien as volksuniversiteite wat die Afrikaner[307] ekonomies, sosiaal en polities moes help ophef en die taal, kultuur en godsdiens van die Afrikaner moes bevorder.[308]

Afrikaans as taalmedium is in die Universiteitsregulasies vasgelê.[309] Vanweë die aftakeling van apartheid, ook in die universiteitswese, en die registrasie van 'n toenemende getal studente van buite die tradisionele wit Afrikaanssprekende studentekorps, moes sekere toegewings ge-

maak word om studente, wie se moedertaal nie Afrikaans was nie, tegemoet te kom. Gevolglik het die taalbeleid van die PUK ietwat meer akkommoderend geword.[310]

Die Raad, wat kragtens artikel 27(2) van die Wet op Hoër Onderwys die taalbeleid van die Universiteit moes bepaal in ooreenstemming met die beleid wat deur die Minister van Onderwys neergelê is, het in Junie 1998 besluit dat die taalbeleid soepel toegepas moes word, met inagneming van die werklikheid op elke kampus en die eise van elke onderrigprogram wat die Universiteit aanbied.[311] Teen 2002 is die PUK-taalbeleid sodanig toegepas dat die dagprogram vir voltydse studie op die Potchefstroomkampus in Afrikaans was, met hulp vir nie-moedertaalsprekers van Afrikaans. Studente kon met toestemming enige toets of eksamen in Engels aflê, werksopdragte in Engels uitvoer en gedurende lesings vrae in Engels stel.

By die Vaaldriehoekkampus weer het die omstandighede van elke lesingaanbieding die voertaal bepaal. Dit het beteken dat kursusse in Afrikaans of Engels op 'n parallelle of dubbelmediumwyse aangebied is. Daarteenoor was die telematiese onderrig-leerprogram slegs in Engels aangebied en die kursusmateriaal was ook net in Engels beskikbaar. Bepaalde kursusse is na gelang van behoefte in Afrikaans aangebied. Die aandprogram (voltyds of deeltyds) kon in Afrikaans of Engels aangebied word, afhangende van die kursus. M.- en D.-opleiding is in Afrikaans of Engels behartig. Die Unisa-program vir Le-wenswetenskappe is net in Engels aangebied. Afstandsonderrigprogramme volgens samewerkings-ooreenkomste met ander tersiêre instellings is in Afrikaans of Engels aangebied, soos ooreengekom is.[312]

## 4.5.2 Kursusse en klasse

In 1951 was die voorgraadse studente aan die Universiteit deurgaans voltydse studente wat gedurende die akademiese jaar ongeveer 28 weke gereelde klasse in al die vakke waarvoor hulle in die bepaalde jaar ingeskryf was, bygewoon het. Die meeste kursusse was jaarkursusse waarin vanaf Februarie tot Oktober klasse gevolg is (onderbreek deur twee resestydperke van sowat twee weke in Maart-April en vier of vyf weke in Julie), waarna een of twee weke "bloktyd" gevolg het, voordat die eksamen afgelê is.[313] Die April- en Julie-resestye is (deur die dosente altans) nie net as vakansie vir studente gesien nie, maar ook as 'n tydperk waartydens selfstudie gedoen kon word.[314]

Die kursusse was dikwels in twee of meer vraestelle verdeel, wat meestal beteken het dat een of twee periodes per week gereserveer is vir een vraestel of afdeling van die kursus en nog een of twee periodes vir 'n ander afdeling. Dikwels is die verskillende afdelings deur verskillende dosente aangebied. Periodes was aanvanklik 45 minute en vanaf laat in die sestigerjare 40 minute lank. Vir die meeste vakke was vier periodes per week beskikbaar.[315] Dosente is vermaan om die volle lengte van die periode te benut en "mog hoogstens vyf minute vroeër 'n klas verdaag".[316] Van studente is weer verwag om klasse gereeld by te woon en hulle kon op grond van swak klasbywoning toelating tot die eksamen geweier word.[317] Soms, meestal net voor 'n reses, voor 'n langnaweek of voor Intervarsity, het studente klasse "gemassa", wat beteken het dat almal in 'n georganiseerde aksie van 'n klas af weggebly het. Die PUK-owerheid het gereeld pogings aangewend om hierdie praktyk te beëindig,[318] maar kennelik nie met veel sukses nie.

Teen 1977 was jaarkursusse nog 'n algemene praktyk in die meeste fakulteite, hoewel die Senaat al in 1965 begin het met 'n ondersoek na die wenslikheid van semesterkursusse,[319] dit wil sê 'n stelsel waarvolgens 'n kursus 'n semester lank geduur het en die eksamen aan die einde van die semester afgelê is. Fakulteit Regte het in 1975 reeds begin om 'n semesterstelsel te implementeer.[320] Ander fakulteite het die voorbeeld vanaf 1978 gevolg.[321]

Met die semesterstelsel is die Desember- en Julie-reses effens verkort. Elkeen van die twee semesters het uit ongeveer 13 weke onderrigtyd bestaan. Eerstesemesterlesings het gewoonlik teen die einde van Januarie begin waarna klasse in Maart gestaak is vir 'n semestertoetsreeks, gevolg deur 'n Paasreses. In Junie is 'n semestereksamen afgelê. Na die winterreses is klasse weer in die middel van Julie hervat, gevolg deur 'n toetsreeks in September. Die semestereksamen het die einde van Oktober begin.[322] 'n Eenvormige lesingrooster is gevolg en kursuseenhede is in roostergroepe ingedeel. Aanvanklik het die weeklikse kontaktyd per kursuseenheid bestaan uit 'n maksimum van ses lesingperiodes (gewoonlik twee-twee saamgegroepeer) van 35 minute elk; dus 'n totaal van 210 minute. Soos tevore is die meeste klasse in die oggend aangebied, met sessies van drie ure vir praktika of tutoriale smiddae.

Laat in die tagtigerjare is die lesingperiodes verleng na 50 minute en die maksimum aantal lesingperiodes verminder na vier per week, waarvan een 'n toetsperiode was. Die kontaktyd is dus verminder na 150 minute per week en groter selfwerksaamheid is van studente verwag.[323] In 1990 is die semesterstelsel verder gestandaardiseer deur die struktuur daarvan in besonderhede te omskryf en op alle fakulteite van toepassing te maak. Daar is besluit dat alle kursuseenhede slegs as semesterkursusse aangebied mag word en dat in 'n bepaalde studiejaar vir elke vak slegs twee semesterkursusse aangebied mag word. Addisionele dienskursusse kon slegs aangebied word indien dit noodsaaklik was.[324] Standaardkurrikula vir B.A. Algemeen, B.Sc. Algemeen en B.Com. Algemeen is vanaf 1990 neergelê met die oog op die deurgee van die korrekte SANSO-inligting.[325] Na-uurse lesings is reeds in die vyftigerjare ingestel. Die

Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe was die eerste om vanaf 1954 klasse in die laatmiddag en aand aan te bied vir persone wat bedags gewerk en deeltyds gestudeer het.[326] B.A.-kursusse is eers vanaf 1969 na-uurs aangebied[327] en in die volgende jaar het ook die Fakulteit Regte met na-uurse klasse begin.[328] Vanaf 1972 kon die Universiteitsonderwysdiploma (U.O.D.) na-uurs geneem word.[329]

Toe finansies in die tagtigerjare begin knyp het, is herbesin oor na-uurse opleiding. Die koste-effektiwiteit van na-uurse lesings het 'n geskilpunt gebly, veral toe weens rasionalisering besnoei is op akademiese personeel. Nietemin is telkens besluit om met na-uurse programme op 'n beperkte skaal voort te gaan.[330] Ondanks druk om die kontaktyd deur die vermindering van die aantal na-uurse onderrigperiodes te verkort, is die kontaktyd in belang van gehalteonderrig nie te drasties besnoei nie.[331] In die negentigerjare was die na-uurse kontaktyd twee 50 minute-periodes per semesterkursus per week, in vergelyking met drie periodes plus 'n toetsperiode vir voltydse studente. 'n Groot deel van die nagraadse studente het, soos teen 2003 nog die geval was, deeltyds gestudeer en klasse saans of op Saterdagoggende bygewoon.

Naas kontakonderrig op die Potchefstroomkampus en fleksie-onderrig op die Vaaldriehoekkampus is 'n derde metode van onderriglewering gedurende die negentigerjare ingestel, naamlik afstandsonderrig. Hierdie wyse van onderrig gee, is onder die naam Telematiese Leersisteme (TLS) bedryf. Die doel van TLS in die rektor, prof. Reinecke, se woorde was "om bekostigbare hoër onderwys van gehalte op 'n basis van afstandsonderrig vir leerders toeganklik te maak". Vernuwing op hierdie terrein is getipeer as 'n nuwe tydperk in die bestaan van 'n kennisgebaseerde samelewing in die tegnologiese era. Volgens prof. Reinecke was die transformasie om aan te pas by die eise van die nuwe era "van die mees ingrypende in die geskiedenis van hierdie Universiteit".[332] Op sy beurt was prof. Albert Viljoen, die viserektor, van oordeel dat die ligging en Afrikaanstalige aard van die PUK die toeganklikheid van die Universiteit beperk; die doel met TLS was daarom juis om toeganklikheid te bevorder.[333] Hy het die inwerkingstelling van afstandsleer beskryf as 'n "triomf vir die PU vir CHO".[334] Deur TLS was die verwagting veral dat die studentegetalle aansienlik vermeerder kon word.


In 1996 is TLS organisatories op die been gebring met 'n eie hoofdirekteur, personeel en ondersteunende diensfasiliteite. Die eerste TLS-kursusse is ingestel vir die graad Baccalaureus in Bedryfsadministrasie (B.B.A.) waarop die eerste M.B.A.-kursusse in die daaropvolgende jaar aangebied is. Voorts is 'n ooreenkoms ook aangegaan met die reeds vermelde private diensverskaffer, COLSA, vir die gesamentlike aanbieding van verpleegkunde-opleiding. Teen 1999 is 25 studiesentra landswyd geskep vir die sowat 1 100 TLS-studente. Ook is 500 fasiliteerders benoem om stu-



*Praktika by Departement Plantkunde - 'n ondersoek na die kweek van dagga in verskillende grondsoorte en die ontwikkeling van opsporingsmetodes*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*



*Johan Broodryk (met 'n toeskouer) besig by die glasblaasafdeling in die Fakulteit Natuurwetenskappe, Julie 1985*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*



*Die Natuurwetenskaptuin*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

dente te help.[335] Die TLS-aanbod het progressief uitgebrei. In Junie 1997 het die Raad die telematiese aanbieding van die LL.M. in Boedelreg, die Nagraadse Diploma in Boedelreg, die LL.M. in In- en Uitvoerreg, die Nagraadse Diploma in In- en Uitvoerreg en die Nagraadse Diploma in Professionele Berading goedgekeur.[336] In samewerking met die Open Learning Group (OLG en voorheen COLSA) is die opleiding van onderwysstudente vanaf 1999 op 'n stewiger grondslag geplaas (kyk inligting by Fakulteit Opvoedkunde). Gedurende 2004 is 14 onderrigprogramme deur middel van TLS aangebied aan 'n totale studentetal van 1 944.[337]

Die programme wat op hierdie stadium aangebied is, was die volgende:
TLS-programme 2004:
B.B.A.
B.Com.
LL.B
B.A. (met modules in die Regte)
Udli (University Diploma in Legal Interpreting)
TESOL (University Diploma in Teaching English to Speakers of Other Languages)
Diploma in Regte (Paralegal Practice)
Verpleegkunde (B.Cur. en Diplomas)
M.B.A.
B.Sc.Hons. in Farmakologie ('n Webgebaseerde program)
M.A. (Development and Management)

Teen die tyd dat hierdie publikasie geskryf is, was die TLS-programme B.Com, Udli en TESOL in 'n proses van uitfasering.[338]

Wetgewing van die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) het die registrasie van alle kwalifikasies by SAKO vereis ter wille van die sinchronisering van opleiding op nasionale vlak en die uitskakeling van onnodige oorvleueling. Besonderhede oor elke graad, elke program en elke module moes aan SAKO verskaf word vir die akkreditering van bestaande en nuwe kwalifkasies.

Om die verskillende onderrigprogramme in al die fakulteite te ontwikkel volgens die neergelegde riglyne en al die dokumentasie vir die voorleggings aan SAKO voor te berei, was 'n reusetaak. Prof. Albert Viljoen was voorsitter van die taakgroep wat hiervoor verantwoordelik was en prof. Paul du Plessis, hoof van die Buro vir Akademiese Steundienste (BAS), was die projekleier.[339] Al die onderrigprogramme in elke fakulteit is vanaf 1999 volgens die nuwe formaat ontwikkel en vanaf 2002 begin infaseer.



*Die TLS-personeel, 1997: agter v.l.n.r. Marita Nunes, Victor Nicodemus, Kotie Basson, Lou van Wyk, Elize Goosen, Louise Hoffman Middel v.l.n.r. Leani Lochner, Antoinette Bischoff, Retha Scholtz, Wilma Hugo, Karin Doyle, Sanette van Zyl, Susan Vorster voor v.l.n.r. Elmarie du Bruin, Henriëtte de Jager, Mathilda van Aswegen, Edna (van onbekend), Alta Wernich, Elna Maus, Bessie Morekela, Corrie Strydom (Bron: Fotografiese Dienste)*

### 4.5.3 Dosente: opleiding en beskikbaarheid

In die eerste twee dekades na 1951 is van dosente nie besondere opleiding in onderrigmetodes vereis om te kan doseer nie. Mettertyd, veral na ondersoeke oor die hoë druipsyfer onder eerstejaars, is groter aandag gegee aan die toerusting van dosente vir hul doseertaak. In 1967 reeds is ernstig besin oor 'n kursus vir die opleiding van dosente[340] en twee jaar later is die Departement Tersiêre Onderwys ingestel met prof. S.J. Preller as hoof.[341] Die bywoning van lesings was aanvanklik vrywillig, maar is vanaf 1976 'n verpligte kursus vir nuwe dosente gemaak.[342] Die kursus vir nuwe dosente het 'n belangrike opleidingsgeleentheid geword, asook 'n kans om nuwe dosente bekend te stel met die siening van die PU vir CHO aangaande Christelike wetenskapsbeoefening.[343]

In die vyftigerjare was dit nog nie gebruiklik dat elke voltydse dosent 'n kantoor op die Kampus het nie. Kantoorruimte vir selfs departementshoofde was beperk.[344] Dikwels is die meeste akademiese werk tuis gedoen en net vir klasse of vergaderings Universiteit toe gegaan. Studente met studieprobleme moes afsprake met dosente na afloop van die klasse maak. Gedurende die sestigerjare is verskeie geboue opgerig sodat meer kantore ook vir dosente beskikbaar was. Soms was dosente gedurende bloktyd uitstedig en in 1962 is die dosentekorps ernstig vermaan deur die rektor, prof. J. Chr. Coetzee, omdat hulle juis in dié periode "beskikbaar" moes wees vir studente wat raad nodig mag hê, met die addisionele nota daarby dat dosente "daagliks 'n besoek aan hulle posbussies" moes bring".[345] Teen 2003 het die gerief van bodes en selfone hierdie "beskikbaarheid" en "posbussiebesoeke" as vereiste waarskynlik aansienlik makliker vir dosente gemaak.

### 4.5.4 Doseermetodes en studiemateriaal

Die algemene doseermetode wat in voorgraadse klasse gevolg is, was dat 'n dosent 'n lesing gegee het en studente aantekeninge gemaak het. Dosente is dikwels daarop gewys dat hulle nie veronderstel was om te dikteer nie,[346] behalwe wanneer dit noodsaaklik was om 'n kort gedeelte presies aan 'n student oor te dra. Dit was egter 'n praktyk wat waarskynlik meer voorgekom het as wat uit die amptelike stukke blyk. Tot in die vroeë sewentigerjare was fotokopieermasjiene onbekend en moes studente hul op handgeskrewe aantekeninge verlaat. Afgerolde aantekeninge of diktate is reeds in die vroeë vyftigerjare deur dosente as aanvulling tot handboeke, en soms as werkskema of 'n lys van boeke wat ge-raadpleeg moet word, aan studente uitgedeel of verkoop. In 'n Senaatskommissie van 1953 is reeds gewaarsku teen die oormatige gebruik van hierdie hulpmiddel. Vanaf 1967 af kon studente diktate by 'n sentrale buro aankoop.[347]

Voorts was dit al in die vyftigerjare algemeen dat 'n student 'n referaat, werkstuk of opstel oor 'n onderwerp uitwerk en inlewer en soms in die klas voordra.[348] Daarvoor is voorgeskrewe bronne gebruik. Studente moes vir elke kursus ten minste een, maar dikwels verskeie handboeke aankoop. Hierdie handboeke was tot in die sestigerjare hoofsaaklik in Engels, hoewel 'n beperkte aantal Afrikaanse handboeke in sommige vakke darem ook beskikbaar was. Die lyste van voorgeskrewe boeke het soms ook Nederlandse en Duitse titels bevat. Geleidelik het meer Afrikaanse handboeke beskikbaar geraak.[349] In die vyf-tigerjare reeds het 'n Senaatskommissie dit as 'n probleem geïdentifiseer dat studente nie bereid was om 'n groot aantal boeke aan te koop nie en is aanbeveel dat studente aangespoor moes word om soveel as moontlik studieboeke aan te skaf.[350] Naslaanwerk in die biblioteek is ook dikwels vereis en die praktyk het ontwikkel dat boeke wat baie gebruik is, in die biblioteek gereserveer is, maar net vir 'n beperkte tyd in die biblioteek gebruik kon word. [351]




Personeel werksaam by die Sentrale Buro: v.l.n.r. Imiet Hamman, Martie van Zyl, Patricia Modise, Debbie Esterhuizen (Bron: Xerox)

- **Akademiese Steundienste (voorheen bekend as die Buro vir Universiteitsonderwys of BUO en die Buro vir Akademiese Steundienste oftewel BAS)**

'n Baie belangrike ontwikkeling in die verbetering van onderrig was die totstandkoming van die BUO. Prof. S.J. (Siegfried) Preller van die Departement Didaktiek en Tersiêre Onderwys in die Fakulteit Opvoedkunde het in 1978 'n memorandum opgestel oor die moontlike instelling van so 'n buro wat diens op akademiese vlak aan die hele Universiteit sou kon lewer. Sy voorstel was dat so 'n buro 'n direkteur, 'n bestuur en sy eie personeel moes hê en direk onder die Senaat moes ressorteer. Die funksies van sodanige buro sou die volgende kon insluit: die voortgesette opleiding van dosente vir hul onderrigtaak, navorsing en die verspreiding van kennis oor universiteitsonderwys, advies en hulpverlening aan dosente ten opsigte van onderrig en die beheer van alle onderwyshulpmiddels. Hierdie funksies, is gemeen, sou in 'n dringende behoefte voorsien.[352] Die Senaat was nie ongeneë om die voorstel van Preller te ondersoek nie.

In 1979 is die instelling van die BUO deur die Senaat goedgekeur en is 'n reglement vir die Buro opgestel.[353] Preller is reeds as eerste direkteur in Julie 1978 benoem, en saam met hom het vier ander personeellede die BUO gevorm. Hulle was mnre. S.J.P. (Paul) du Plessis (Adjunkdirekteur: Onderwys, N.P. (Nic) Badenhorst (Adjunkdirekteur: Tegnologie), K.H. Schmitz (grafiese kunstenaar), me H. van Wyk (sekretaresse), mnre. D.H. (Bob) Smith en Gabriel Makhoxha (klerke). Prof. Du




*Prof. S.J. Preller, Hoof van die Departement Tersiêre Onderwys, 1969 en vanaf 1979 die eerste Direkteur van die Buro vir Universiteitsonderwys (BUO) (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*



*BAS-personeel teen die laat-negentigerjare: voor v.l.n.r. Mariaan Klopper, Annatjie Boltman, Paul du Plessis (Direkteur), Pierre Volschenk, Estelle van Hamburg, Rinske Vreken*
*middel: Dawid Molefe, Marijke Reynecke, Colette Pitout, Elsabé Botha, Santie Jansen, Susan van Biljon, Marizé de Klerk, Marie Botha, Irma Scholtz*
*agter: Monica Roux, Leith Haarhoff, Stephen Lehih, Martie Beukes, André Geldenhuis, Stephen Sibyanoni, Willie van der Merwe (Bron: Johann du Toit)*

Plessis het Preller as direkteur in Mei 1982 opgevolg. In 1994 is die naam van die BUO verander na BAS en in 2000 na bloot Akademiese Steundienste (AS) wat teen 2003 'n personeelsterkte van 26 gehad het.[354] Omdat die BUO uitsluitlik met die onderrigaspek van die PUK gemoeid was, het baie nuwe ontwikkelinge vanaf die tagtigerjare op hierdie terrein plaasgevind. Waar die hoofklem voorheen geplaas is op die oordrag van kennis aan studente, het 'n breër visie op die Universiteit se onderrigtaak nou begin ontwikkel. Aandag is geskenk aan onderrigbeleid en -metodes op fakulteits- en departementele vlak. Sterk klem is geplaas op kurrikulumontwikkeling binne die raamwerk van die algemene ontwikkeling van die Universiteit.



***Prof. S.J.P. du Plessis, Direkteur: BAS (later AS) tot 2002***
***(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})***

Besondere aandag is veral vanaf 1990 gegee aan die eienskappe, vaardighede en houdings waaroor studente moes beskik. Elke departement het opdrag ontvang om die strategieë waardeur hierdie doelstellings bereik sou word, te formuleer in die lig van die fakulteitsonderrig doelstellings en departementele onderrigdoelstellings. Breë wetenskaplike vorming van studente moes bevorder word.[355] Sake soos praktykgerigtheid, die akademiese ondersteuning van studente, 'n begrip van multikulturalisme, die benutting van inligtingstegnologie en die verbetering van studente se kommunikasievaardighede het besondere aandag binne elke onderriggeleentheid geniet.[356] Rekenaargesteunde onderrig (RGO) en veral rekenaargesteunde toetsing (RGT) is ook geïmplementeer.[357]

Meer as by die meeste ander universiteite het studiegidse 'n sentrale rol in die onderrigproses by die PUK gespeel. Vanaf 1990 moes 'n studiegids vir elke kursuseenheid opgestel word.[358] BAS het riglyne voorsien vir die skryf van studiegidse. Met die instel van TLS is uitgebreide interaktiewe studiegidse ontwikkel wat geskik sou wees vir afstandsonderrig. Die vakkundige personeel van BAS was verantwoordelik vir die evaluering van elke nuwe studiegids.[359] Deur middel van die TLS-studiegidse is 'n verdere tree gegee op die pad van uitkomsgebaseerde onderrig en brongebaseerde leer. Soortgelyke studiegidse is deur baie dosente vir voltydse kontakonderrig gebruik. Tussen 1999 en 2003 is, afgesien van talle TLS- en OLG-studiegidse, meer as 218 studiegidse ontwikkel vir die onderrigprogramme wat vanaf 2002 geïmplementeer is.[360]

'n Belangrike tendens in die hoëronderwysbenadering in die tagtiger- en negentigerjare, wat ook deur die PUK gevolg is, was die verskuiwing van 'n onderriggesentreerde na 'n leerdergesentreerde benadering. Die gedagte was dat 'n dosent op grond van prikkelende studieleiding eerder 'n fasiliteerder van die leerproses by die student moes wees as bloot 'n oordraer van kennis deur formele lesings. Die student se vermoë tot selfstudie moes gestimuleer word en sy/haar vaardighede om inligting te ontsluit moes ontwikkel word. Omdat meer klem op die verwerwing van wetenskaplike vaardighede geplaas is, is nuwe kursusse waardeur studente basiese vaardighede kon aanleer, ingestel en verpligtend gemaak. In Inligtingkunde (INL111) is studente geskool in die gebruik van die biblioteek en die integrering van bronne by die skryf van referate/werkstukke, korrekte dokumentasie en bronnelyste. In Tik en Woordverwerking (TIW112) het studente toetsbordvaardigheid, woordverwerkings- en bladuitlegtegnieke aangeleer. Hierdie twee kursuseenhede is in 2002 vervang met Leer- en Leesontwikkeling (LEER111) en Rekenaar- en



***Dr. Susan Coetzee-Van Rooy, Direkteur: AS, 2003-2004***
***(Bron:** Kampusnuus**)***

Inligtingvaardighede (RINL111), wat twee van ses verpligte kursuseenhede in die nuwe programme was.[361] In ooreenstemming met die PUK-visie is 'n groter toespitsing van opleiding op ondernemerskap ook voorgestaan[362] en 'n nuwe verpligte kursus in entrepreneurskap ontwikkel.

### 4.5.5 Eksamens en toetse

Aanvanklik was dit moontlik dat 'n student wat 'n goeie jaarsyfer opgebou het, op grond van toetse en werkstukke toegelaat is om met die tweede- of derdejaarkursus in dieselfde vak voort te gaan sonder om eers 'n eksamen te skryf.[363] Hierdie stelsel is in 1954 vir eerstejaarstudente[364] afgeskaf omdat geredeneer is dat hulle aparte behandeling moes ontvang en nog vir selfstandige studie ryp gemaak moes word.[365] Bevordering in die vorm van eksamenvrystelling het vanaf 1974 geleidelik in onbruik geraak, waarskynlik weens die komplekse organisatoriese probleme daaraan verbonde. Een daarvan was dat sommige van die studente wat bevorder is, tog later besluit het om nie met 'n derdejaarkursus in die bepaalde vak voort te gaan nie.[366]

Om tot die eksamen toegelaat te word, moes 'n student aanvanklik 'n jaarsyfer opbou, wat ook 50% van die finale eksamenuitslag uitgemaak het (soos dit teen 2003 nog in die meeste vakke die geval was). 'n Senaatskommissie het in 1957 aanbeveel dat die jaarsyfer vir tweede- en derdejaarstudente minder skools saamgestel moet word as by eerstejaarstudente en dat "nie so nougeset kontrole uitgeoefen (moet word) deur middel van die nasien van skriftelike werk en die toediening van toetse nie, maar wel by wyse van saamstudie en gevolglik bespreking en seminare, en die samestelling van 'n skripsie".[367] Met die oorskakeling na die reeds vermelde semesterstelsel laat in die sewentigerjare is die eksamen- en toetsstelsel ook aangepas. Voortaan is eksamens op 'n semesterbasis in Junie en November afgeneem. Aan die neergelegde beginsels van eksaminering is min verander en oorwegend dieselfde basiese benadering is gevolg as by die meeste ander universiteite. Om byvoorbeeld te voorkom dat toetse en eksamens nie net uit kennisreproduksie bestaan nie, maar ook die student se insig toets, is as riglyn neergelê dat nie meer as 50% van 'n semesterpunt uit meervoudige keusevrae mag bestaan nie en dat daar op tweede- en veral derdejaarsvlak in eksamens meer insigvrae as op eerstejaarsvlak ingesluit word.[368]

Voorgraadse eksamens is gewoonlik skriftelik afgeneem. 'n Senaatskommissie het in 1954 aanbeveel dat meer van mondelinge eksamens gebruik gemaak moet word, veral aan die einde van die derde jaar, omdat dit die dosent in staat stel om "deurtastender te eksamineer".[369] In 'n latere verslag, in 1967, is die aanbeveling herhaal.[370]

Weens die toename in studentegetalle in die sewentigerjare het die afneem van mondelinge eksamens, wat tydrowend is, in baie kursusse onprakties geword. Op nagraadse vlak het mondelinge eksamens wel redelik algemeen voorgekom.[371] Oopboekeksamens is in 1985 deur die Senaat as 'n wyse van eksaminering goedgekeur. By dieselfde Senaatsvergadering is die gebruik van sekere tipes sakrekenaars in eksamenlokale toegelaat.[372] In 2002 is 'n nuwe A-reël ingevoer, wat bepaal het dat voor-



*'n Tipiese eksamensessie, ca. sestigerjare (Bron: PUK-Argief)*



*Militêre studente in die sewentigerjare saam met die bevelvoerder, kolonel Pieter van der Walt (Bron: PUK-Argief)*

graadse studente wat aan die deelnamevereistes voldoen, twee geleenthede per module kry om eksamen af te lê.[373] 'n Student wat 'n deelnamepunt (voorheen genoem semesterpunt) verwerf het, kon dus in Junie en/of Julie vir 'n eerstesemesterkursus eksamen aflê en in November en/of Januarie vir 'n tweedesemesterkursus. Die eksamenpunt vir die enigste of laaste van die twee eksamens sou vir die berekening van die finale modulepunt van die student gebruik word. Sover bekend, is die enigste spesiale vergunning wat gemaak is vir eksamens dié in 1976 toe Suid-Afrika se betrokkenheid by die grensoorlog in Namibië (eertyds Suidwes-Afrika) daartoe gelei het dat sommige studente opgeroep is om drie maande lank militêre diens te verrig. Die rektor, prof. Bingle, het besluit dat hierdie studente sover moontlik tegemoet gekom moes word, onder meer deur die aanbieding van spesiale klasse en ook deurdat vir hulle voorsiening gemaak is om toetse en eksamens af te lê op datums wanneer dit vir hulle moontlik was.[374]

Uit verslae aan die Senaat blyk dit dat gedurende die vyftiger-, sestiger- en vroeë sewentigerjare die persentasie voorgraadse studente wat hul eksamens geslaag het, taamlik konstant gebly het. Die slaagsyfer was steeds in die omgewing van 84%-87%. Die getal studente wat onderskeidings behaal het, het gewissel tussen 4% en 8% van die totale aantal studente wat die eksamens afgelê het. Die druipsyfer in die Fakulteit Natuurwetenskappe was in die vyftiger- en sestigerjare aanvanklik heelwat hoër as in dié van ander fakulteite, waarskynlik weens die moeilikheidsgraad van natuurwetenskaplike vakke.

Voortdurende pogings in die Fakulteit om studente beter te begelei en struikelblokke uit die weg te ruim, het 'n groter slaagsukses verseker.[375] Teen die sewentigerjare was die druipsyfer ongeveer dieselfde as dié van die ander fakulteite.[376] Die globale druipsyfer het teen 1989 so hoog as 22,16% gestyg, waarna die druipsyfer weer geleidelik afgeneem het tot 15,95% in 1994.[377] Weens die aanbieding van 'n toenemende aantal afstandsonderrigkursusse deur TLS het die druipsyfer wel weer ietwat gestyg. Om die aflê van toetse meer vaartbelyn te maak, het die BUO in 1989 'n verslag oor die toetsstelsel opgestel, wat aangepas is.[378] Deurlopende evaluering is 'n assesseringsbenadering[379] wat vanaf die negentigerjare in alle fakulteite vereis is[380] en grootliks ook gepaardgegaan het met die vereistes wat binne die nuut ontwikkelde onderwysbedeling gestel is. Evalueringsgeleenthede is vermeerder om meer as net klastoetse in te sluit. Hierdie toetsingstelsel is in 1991 opgevolg met 'n besluit dat die semesterpunt uit 'n groot verskeidenheid punte saamgestel moes word.[381] In 1995 is verder besluit dat deurlopende evaluering uit 'n verskeidenheid evalueringsmetodes moes bestaan.[382]

### 4.5.6 Gehalteversekering van, en keuring vir onderrigprogramme

Die gehalteversekering van onderrigprogramme het deurlopend aandag geniet. Hierdie vereiste kan in hoër onderwys verskillende vorme aanneem: die uitsluitlike toelating van studente met goeie akademiese potensiaal, die indiensneming en verdere ontwikkeling van akademiese personeel van topgehalte en streng gehaltekontrole van akademiese onderrigprogramme. Een manier om die gehalte van onderrig te help waarborg, is om hoë toelatingsvereistes te stel en voornemende studente streng te keur. Om verskeie redes was dit nooit 'n praktiese opsie vir die PUK om te streng toelatingsvereistes te stel nie. Sekere groepe studente, soos aptekerstudente, is aan spesifieke keuringsprosedures onderwerp,[383] maar die meerderheid studente het nie spesifieke keuringstoetse ondergaan nie. Laat gedurende die tagtigerjare was daar kommer oor die relatief hoë uitsaksyfers (kyk vroeër bespreek) in die Fakulteite Ingenieurswese en Farmasie ondanks 'n goeie matriekprestasie deur studente.[384] Die Senaat het dit aan

die BUO en die Studenteburo opgedra om 'n keuringstoets te ontwerp. So 'n toets sou veral gebruik kon word vir voornemende studente wat in matriek nie na wense gepresteer het nie en dus die risiko geloop het dat hulle swak sou vorder of nie hul graad of diploma sou voltooi nie.[385] Die toetsing van studente se potensiaal het nie bruikbare resultate opgelewer nie. Navorsing oor keuringsmodelle het aangetoon dat 'n betroubare toets 'n baie komplekse saak was en daar is tot 2003 nog nie so ver gekom om 'n spesifieke keuringstoets vir die PUK te ontwikkel nie.

Keuring is oorgelaat aan 'n vaste komitee wat benoem is om voornemende voorgraadse nuwelingstudente te keur volgens riglyne wat in oorleg met die viserektor vasgestel is. Hierdie Keurkomitee het aan die hand van 'n goedgekeurde reglement gefunksioneer en het toelatingsvereistes en -prosedures jaarliks bepaal. Aansoekers wat deur die Keurkomitee afgekeur is, kon nie langs ander weë toegang tot studie aan die Universiteit verkry nie.[386] Skoolprestasie is egter steeds beskou as die enigste praktiese manier om die eerste keuring van studente aan die PUK te behartig. Volle matrikulasievrystelling is ook beskou as die beste beskikbare kriterium vir toelating tot die Universiteit.[387] Aansoekers met voorwaardelike matrikulasievrystelling, insluitende "oupa-matrieks" wat op grond van hul ouderdom van meer as 23 jaar voorwaardelike vrystelling ontvang het, is slegs in uitsonderlike merietegevalle vir toelating tot na-uurse studie of HOD(S)-studie oorweeg. Ook vir na-uurse studente is in die rigting van volle matrikulasievrystelling beweeg, maar hierdie vereiste is soepel toegepas, veral in die geval van aansoekers met naskoolse kwalifikasies, toepaslike werkservaring en bewese werksukses. Die tweede "fyner keuringsif" het van fakulteit tot fakulteit gewissel en was gebaseer op die Sweedse Formule (SF). Dit is 'n formule waarvolgens skoolprestasie gemeet is en minimumsimbole vir sekere matriekvakke vereis is. Alle aansoekers met 'n SF-totaal van 28 en laer, of 'n gemiddelde punt van onder 50% in die matriekeksamen, is na die Keurkomitee verwys vir oorweging. Elke fakulteit het spesifieke toelatingsvereistes vasgestel wat tussen 'n 24- en 'n 30 SF-totaal gewissel het.[388] Die gemiddelde SF-totaal van studente wat aan die PUK geregistreer het, was onder die nasionale gemiddeld, maar dié SF-totaal het laat in die negentigerjare effens beter daar uitgesien.[389]

Volgens eksamenstatistiek was die gemiddelde slaagpersentasie van studente betreklik goed en wel rondom 80% in die negentigerjare. Dit op sigself is egter nie 'n aanduiding van die gehalte van die onderrig nie. Vanaf 1999 is ondersoeke deur die Studentevoorligtingsdiens gedoen oor watter persentasie afgestudeerde studente daarin slaag om werk te kry. In die ondersoek van 2000 is bevind dat die werkverkrygingsyfers vir die onderskeie fakulteite soos volg was: Lettere en Wysbegeerte 38,97%, Natuurwetenskappe 27,69%, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe 48,85%, Regte 81,36%, Ingenieurswese 64,58%, Teologie 37,5%, Opvoedkunde 83,64% en Gesondheidswetenskappe 70,83%. Die gemiddelde van alle fakulteite was 59,1%. Studente in professionele en beroepsgerigte studierigtings het makliker werk gekry. Altesame 27,7% van die respondente het met nagraadse studies voortgegaan. Van die studente



*Die Studentevoorligtingsdienspersoneel, 1984: agter v.l.n.r. Mee Martie J.J. Beukes, Annemarie Kemp, dr. Marietjie S. van der Walt, me. Yvonne E. Erasmus, mnre. Pieter J. Mouton, Pieter E. Scholtz*
*voor: Dr. Alida Nienaber, prof. Hans J. van der Merwe, me. Cecilia van der Walt, prof. H.N. (Nic) Kotzé*
*(Bron: Studentevoorligtingsdiens)*

wat werk gekry het, het 90,6% aangedui dat hulle werk met hul opleiding verband gehou het en 83,8% dat opleiding 'n rol gespeel het in die verkryging van werk. Ongeveer 45% was van mening dat hul opleiding steeds te teoreties en nie praktykgerig genoeg was nie.[390]

Ten einde die dosentepotensiaal te optimaliseer en kontrole uit te oefen oor die gehalte van die onderrigproses is interne en eksterne evalueringstelsels ontplooi. Moeite is veral met die gehalteversekering van akademiese programme gedoen. BAS het hierin 'n belangrike rol vervul en was betrokke by onderrigleerontwikkeling, veral deur die verbetering van studiegidse en die ontwikkeling van dosentepotensiaal deur middel van opleidingsprogramme.[391] 'n Praktyk wat teen 1992 met die oog op gehalteversekering ingevoer is, was dat elke dosent minstens een keer per jaar deur studente geëvalueer moes word. 'n Standaardvraelys is vir hierdie doel ontwerp. Die resultate van die evaluering is as vertroulik hanteer. Dit moes deur die departementshoof met die dosent bespreek word en terugvoering moes aan die fakulteit se onderrigkomitee gegee word.[392]

'n Ander meganisme om gehalte te verseker was die VERKA-stelsel, waardeur die verhoging van onder meer die gehalte van onderrig beoog is. Dosente kon aansoek doen dat hulle onderrig deur hul fakulteit se onderrigkomitee geëvalueer word met die oog op 'n VERKA-onderrigtoekenning waaraan 'n finansiële insentief gekoppel is. Die gedagte was dat die toekenning 'n prestasieaansporing- en prestigetoekenning moes wees; derhalwe was die aantal toekenings per fakulteit per jaar beperk.[393] Benewens die VERKA-stelsel is 'n stelsel van eksterne evaluering geïmplementeer.[394] Akademiese departemente en hul nagraadse sowel as finalejaarstudente is vanaf 1992 individueel volgens bepaalde kriteria deur panele geëvalueer. Die assesseringspanele, wat ook buite-evalueerders ingesluit het, is deur die BUO gekoördineer.[395] Hierdie moderering het die kontrole van die akademiese standaard van leerplanne, studiegidse, November-eksamenvraestelle, memorandums, eksamenskrifte en puntestate behels.[396] Gehalteversekering het ook in 'n groot mate verband gehou met die graad van buitelandse skakeling. Aan die einde van die tagtigerjare het buitelandse skakeling op die sakelys van die Senaat gekom toe 'n verslag oor kontak tussen die PU vir CHO en geesgenootlike inrigtings deur die Komitee Buitelandse Betrekkinge behandel is.[397] Met die oorgang na 'n nuwe demokratiese politieke bedeling in Suid-Afrika in die negentigerjare het die deure van die internasionale akademiese wêreld vir Suid-Afrikaanse akademici groter oopgegaan. Hierdie nuwe moontlikhede is aangegryp.

Die Universiteitsbestuur het ook 'n hoë premie op buitelandse blootstelling geplaas. Prof. Reinecke se standpunt was: "Kennis is universeel en kan net werklik van hoë gehalte wees as dit wetenskaplik getoets en beoordeel word in die internasionale gemeenskap van geleerdes."[398] Dosente is aangemoedig om onder meer in die buiteland referate by internasionale konferensies te lewer en



*VERKA-onderrigtoekennings, 2001: voor v.l.n.r. Dr. Daleen Kruger, Melinda du Toit, Martyna Williams, dr. Pedro Rankin, mnr. Johan Lamprecht Agter: Dr. Gerhard van Huyssteen, prof. Marlene Verhoef, dr. Theuns Eloff (Rektor), dr. Mike Weyers, Olivier Wittezaele (Bron: V. Eastes)*

akademiese uitruilooreenkomste aan te gaan wat die uitruil van studente vir onderrigprogramme ingesluit het.[399] Die taalbeleid het die werwing van voorgraadse studente in die buiteland belemmer en uitruilstudente was hoofsaaklik nagraadse studente. Behalwe die tradisionele bande met Nederlandse universiteite soos die Vrije Universiteit (VU), die Universiteit van Leiden en die Universiteit van Nijmegen, is ooreenkomste aangegaan met onder meer die Universiteite van Rostock, Paderborn en Bochum in Duitsland, die Daystar Universiteit in Nairobi, Kenia en die Hankuk University of Foreign Studies in Seoul, Suid-Korea.[400]

van die klasse deur studente ontvang. Dit lyk nie of daar enige druk op studente uitgeoefen is om hierdie lesings te volg nie sodat net 'n klein aantal persone teen 1956 hierdie klasse gereeld bygewoon het. Te veel oorvleueling met kursusse en kursusinhoude soos Bybelstudie, Beginsel- en Metodeleer sowel as Lewens- en Wêreldbeskouingsleer het stremmend op getalle ingewerk.[408]

'n Senaatskomitee is in 1955 in die lewe geroep wat toesig gehou het oor die aanbieding van die nuut ingestelde kursusse Lewens- en Wêreldbeskouingsleer sowel as Beginsel- en Metodeleer deur die Teologiese Skool.[409] Prof. H.G. Stoker het in 'n artikel in *Die Veteraan* die instelling van die kursusse gemotiveer deur die probleme in verband met die idee van 'n "neutrale universiteit" te bespreek: "Die neutrale universiteit ondermyn die eenheid van die waarheid en ondergrawe die eenheid van die wetenskap. Dit vorm sy studente nie tot manne uit een stuk nie, maar tot wesens deurdronge van botsende beginsels; tot persone wat om hierdie rede later in die samelewing nie anders kan as om opportunisties op te tree nie…".[410] Agterna beskou, is die groot vraag egter of hierdie "opportunisme", oftewel 'n gesindheid sonder vaste beginsels en met 'n groter gewig toegeken aan omstandighede,[411] nie die PUK eventueel met te veel vaste beginsels en weinig begrip vir omstandighede gelaat het nie.[412] Die teoloog, prof. P.W. Buys, het by geleentheid vroeg in die tagtigerjare opgemerk dat "dit goed en nodig is om in ons vaandel te skryf dat ons 'n inrigting vir Christelike Hoër Onderwys is. Maar dan moet ons sorg dra dat die vrag deur die vlag gedek word".[413]

'n Deel van hierdie welmenende "vrag" in die vyftigerjare was dan om Beginsel- en Metodeleer verpligtend te maak vir alle studente wat vir 'n eerste graad ingeskryf was. Die kursus het uit twee dele bestaan: Deel A is geneem deur tweedejaarstudente en het gehandel oor onderwerpe soos die mens en sy plek in die skepping, kennis en wetenskap asook wetenskaplike beginsels en metodes.[414] Deel B, vir derdejaarstudente, was meer vakgerig, en was – soos uit die verskillende sillabusse blyk – 'n vakfilosofiese kursus. Hierdie deel van die kursus is hoofsaaklik deur vakdosente aangebied en studente kon een van 13 kursusse kies wat by een van hul hoofvakke pas. B.Com.-studente weer het almal die Beginsel- en Metodeleer-kursus vir die Ekonomiese Wetenskappe gevolg.[415] Vir studente wat voorgraadse diplomas geneem het, was daar 'n kursus in Lewens- en Wêreldbeskouingsleer, wat ook uit twee dele bestaan het. Hoewel die inhoud oorvleuel het met Beginsel- en Metodeleer, is meer gefokus op die Christelike lewens- en wêreldbeskouing en minder op wetenskaplike beginsels en metodes.[416]

## 4.6 Die rol van die Christelike grondslag in onderrig[401]

Uit die sillabusse, soos weergegee in die PUK-jaarboeke, kan moeilik vasgestel word in hoeverre daar in besonder aan Christelike uitgangspunte, beskouinge of teorieë in 'n vak aandag gegee is en of besondere teorieë of denkrigtings in 'n bepaalde vak krities vanuit 'n Christelike perspektief bekyk is. 'n Uitsondering was die vak Maatskaplike Sorg. In die 1960-sillabus is die ontwikkeling van Christelike Maatskaplike Sorg as 'n tema in die eerstejaarskursus aangedui.[402] Ook in die vak Algemene Regsleer is die bydrae van die modern-Calvinistese regswetenskap as 'n onderdeel van die inhoud vermeld.[403] In die teologiese vakke en in die vak Bybelkunde, blyk dit (eintlik vanselfsprekend) dat dit hier deurgaans om 'n Christelike benadering in die studie van hierdie vakke gaan.[404] In vakke soos Wysbegeerte en Opvoedkunde is uit die lyste van voorgeskrewe werke afgelei dat boeke wat spesifiek vanuit 'n Christelike, en meer spesifiek Calvinistiese oogpunt geskryf is, 'n belangrike deel van die studiemateriaal uitgemaak het.[405] In vakinhoude van voor- en nagraadse sillabusse, soos dit in jaarboeke weergegee word, blyk dit dat wat op voorgraadse vlak aan die orde gekom het, dikwels eers op nagraadse vlak meer aandag geniet het. Hieruit sou afgelei kon word dat, ten minste wat onderrig op voorgraadse vlak betref, 'n Christelike benadering meer stilswyend as uitdruklik en regstreeks in die onderrig na vore gekom het. Voorts is in die eerste drie dekades na 1951 geen besondere opleiding aan dosente verskaf ten opsigte van 'n Christelike onderrigbenadering nie.

Die aanbieding van 'n spesiale kursus in 'n vak soos Geloofsleer het sedert 1951 al 'n belangrike plek ingeneem om 'n Christelike grondslag aan die opleiding van studente te verskaf.[406] Studente is sterk aanbeveel om hierdie klasse by te woon en studente aan die Potchefstroomse Onderwyskollege wat hul graadstudie aan die PUK gedoen het, is ook betrek.[407] 'n Bywoningsertifikaat is na die suksesvolle bywoning






*Rolspelers in Christelike grondslag-onderrig: v.l.n.r. Proff. H.G. Stoker, P.W. Buys, D.J. van Rooy, W.J. de Klerk (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

Volgens prof. D.J. van Rooy, wat die eksamens in Beginsel- en Metode-leer in 1956 gemodereer het, het die studente "bewys gelewer van belangstelling en ywer", en het hulle dit "nie langer as 'n noodsaaklike kwaad of onvermydelike eksamenvereiste" beskou nie.[417] In 1958 het prof. H.G. Stoker, wat 'n groot deel van die doseerwerk behartig het, gemeld dat die "teësinnigheid en protes" wat met die instelling van die kursus duidelik voelbaar was, geheel en al verdwyn het. Glo net 'n klein groepie studente het die kursus "met ligsinnigheid bejeën".[418] Na aanleiding van versoeke van studente met 'n nie-Christelike agtergrond, het die Senaat in 1958 besluit dat nie-Christene nie van die kursus vrygestel kon word nie.[419]

In 1961 is die Senaatskomitee vir Beginsel- en Metodeleer afgeskaf.[420] 'n "Spesiale departement" met die naam Studium Universale is in die lewe geroep. Die kursusse Beginsel- en Metodeleer asook Lewens- en Wêreldbeskouingsleer is albei herdoop tot Studium Universale.[421] Hierdie betiteling was egter van korte duur – vier jaar later is dit weer eens verander na Etiek en Logika. Die veranderde benaming van hierdie kursus was klaarblyklik om vir regeringsubsidie in aanmerking te kan kom.[422] Prof. W.J. de Klerk is as eerste voltydse dosent in die vak aangestel.[423]

Die inhoud van die kursusse is verander deur meer klem te plaas op die Calvinistiese mens- en kultuurbeskouing en weg te doen met die vakgerigte derdejaarskursusse.[424] Van studente is aanvanklik vereis om vanaf hulle eerste jaar 'n kursus in Etiek en Logika te volg. Besware van die Fakulteit Natuurwetenskappe oor 'n oorlading van die eerste studiejaar[425] het veroorsaak dat Etiek en Logika vir twee jaar net 'n bywoningskursus vir eerstejaars was. Vanaf 1967 is 'n uurlange eksamen in die vak ingestel wat eerstejaars minstens moes aflê.[426]

In 1968 het die Senaat, na aanleiding van besware teen die naam Etiek en Logika, wat hoofsaaklik daarop neergekom het dat "die vlag" steeds nie "die lading dek nie", besluit dat die Departement en die vak se naam vanaf 1969 verander moes word na Interfakultêre Wysbegeerte.[427]

Soos vroeër in die geval van Studium Universale en Etiek en Logika, het studente net een klasperiode per week in Interfakultêre Wysbegeerte bygewoon. Eksamentoelating is nie bepaal deur 'n jaarsyfer nie, maar deur klasbywoning.[428] B.A- en B.Com.-studente het dieselfde derdejaarkursus gevolg, waarin veral aan kultuur- en samelewingsvraagstukke aandag gegee is, maar vir B.Sc.- en Regstudente was daar in die derde jaar meer vakgerigte kursusse.[429] Enkele permanente dosente en dosente in ander vakke het op 'n deeltydse basis hulp verleen.[430] Allerlei praktiese probleme verbonde aan die aanbied van 'n lewensbeskoulike kursus vir eerstejaarstudente bykomend tot hulle gewone vakke het steeds teen die sewentigerjare gegeld. Interfakultêre Wysbegeerte I is gevolglik vanaf 1976 afgeskaf en het dus weer net 'n kursus vir tweede- en derdejaarstudente geword.[431]

Die oorskakeling na 'n semesterstelsel vanaf 1978 het nuwe veranderings meegebring. Die naam van die vak is vir 'n vyfde maal sedert 1951 verander – hierdie keer na Wetenskapsleer. 'n Teruggekeer na die ou stelsel het gevolg, naamlik dat die derdejaarskursus van Wetenskapsleer vakgerig was.[432] Op nagraadse vlak is die geleentheid vir dosente, onderwysers en ander belangstellendes geskep om hul kennis van die filosofie, en in besonder die Reformatoriese filosofie, te verbreed deur die instelling van die graad B.Phil. waarvoor enigiemand in besit van 'n eerste graad kon inskryf.[433] Teen 2004 was die benaming Wetenskapsleer steeds in gebruik, en die kursus vir personeel bekend as Wetenskapsleer vir dosente.

## 4.7 Die eksterne status van die PUK ten opsigte van onderrig

Die eksterne evalueringsproses van die PUK wat in die middel van die negentigerjare geloods is, het aanvanklik op navorsings- en nagraadse opleidingsprogramme gefokus[434] en nie op voorgraadse onderrig nie. Objektiewe data oor die PUK se status as onderrigsentrum is gevolglik nie so maklik bekombaar nie. Wat hierdie aspek betref,

word verwys na 'n aantal interne en eksterne evaluerings van aspekte van die onderrig aan die PU vir CHO. Waarskynlik twee van die belangrikste oorwegings by die meting van akademiese standaarde is die gehalte van die personeel en die gehalte van die opvoedingsproses. Wat permanente aanstellings volgens rang teen 1985 betref, was 23% van die PUK-dosente op professorale vlak, teenoor 'n nasionale gemiddelde van 21%. Kwalifikasiegewys was die PU vir CHO in 'n gunstige posisie met 70% van die professionele onderrrig- en navorsingspersoneel wat oor 'n meestersgraad en 45% wat oor 'n doktorsgraad beskik het.

Voorts was die PUK toe een van agt universiteite met 'n inskrywingspersentasie van tussen 14% en 17% vir meesters- en doktorsgrade. Die matrieksimbole van eerstejaarstudente aan die PUK en hul slaagsyfer van 75% het goed vergelyk met die meeste Suid-Afrikaanse universiteite. Die verspreiding van kwalifikasies wat toegeken is – 36% eerste algemene baccalaureusgrade, 18% eerste professionele baccalaureusgrade, 14% nagraadse diplomas, 16% honneursgrade en 2% doktorsgrade – was gunstig.[435] Alhoewel dieselfde tipe ondersoek klaarblyklik nie in die negentigerjare onderneem is nie, was prof. B.J. van der Walt se beoordeling teen 1998 dat die PUK, in vergelyking met Afrika-universiteite, uitstekend presteer het, teenoor ander Suid-Afrikaanse universiteite redelik goed opgeweeg het, maar volgens Europese kriteria eerder as 'n universiteitskollege getipeer sou kon word.[436] Onafhanklike prestasiebeoordelings aangaande die Universiteit as geheel en van bepaalde fakulteite of skole is al gemaak deur buite-instansies. In byvoorbeeld Oktober 1998 het 'n *Sunday Times*-paneel, in samewerking met die Centre for Higher Education Transformation, ondersoek ingestel na "the best centre in higher education". Die PUK is gekies as een van die agt beste universiteite in Suid-Afrika wat sy "innovative and demonstrable contribution towards higher education policy goals" betref.[437] In 2002 is die Skool vir Farmasie vir die vierde agtereenvolgende jaar deur Professional Management Review (PMR) aangewys as die beste instelling in Suid-Afrika vir die opleiding van aptekers. PMR het in 2001 ook 'n toekenning aan die Fakulteit Ingenieurswese gemaak vir uitnemende prestasie ten opsigte van die opleiding van ingenieurstudente.[438] Verder het die European University Association in 2001-2002 'n institusionele oudit van die PUK gedoen. In die finale verslag is, wat onderrig betref, gewys op die gevare van die gebruik van uitgebreide studiegidse vir alle onderigprogramme en is 'n pleidooi gelewer vir groter diversiteit eerder as uniformiteit in onderrigprogramme.

Die verslag het egter nie 'n diepte-ontleding van die gehalte van die onderrig bevat nie.[439] So 'n oorkoepelende evaluering van die Universiteit se onderrigprogramme sal waarskynlik gedoen word wanneer die Raad op Hoër Onderwys se beplande oudit vir gehalteversekering gedoen word. Aangesien die Noordwes-Universiteit deur 'n samesmeltingsproses gaan is die algemene oudit vir eers uitgestel – aandag is reeds gegee aan die MBA (die Potchefstroomkampus het pas volle akkreditering verkry) en Opvoedingswetenskappe. Programme in Openbare Bestuur word vir die toekoms beplan.

Soos onderrig die oordrag van bestaande kennis is, soos in die inleidende sinne van hierdie hoofstuk beklemtoon is, is navorsing die skep van nuwe kennis. Hierdie terrein, as een van die primêre opvoedingstake op tersiêre vlak, dra net soveel by om status aan 'n universiteit te verleen. In Hoofstuk 5 val die kollig op die baie akademiese terreine waarop die PUK as navorsingspionier gereken en vereer is.




***Fakulteit Farmasie se verwerwing van die Diamantpyl-toekenning van die Professional Management Review (PMR) – in 1999 en 2000 goud – as die beste Fakulteit Farmasie landswyd, 1999-2004. Hier oorhandig mnr. Thabo Bodube die toekenning aan prof. Chris van Wyk (Direkteur: Skool vir Farmasie): v.l.n.r. Prof. F. van Niekerk (Viserektor: Akademie), mnr. John Hattingh (Besturende Direkteur: PMR), prof. H.A. Koeleman (Dekaan: Fakulteit Gesondheidswetenskappe) (Bron: Fakulteit Farmasie)***